# HOOFSTUK 3

# DIE KOMMUNISTIESE IDEOLOGIE

## 3.1 INLEIDING

Daar word van die Kommunistiese opvoedingsleer gesê dat dit geen gelyke het nie (Counts 1957:5). Aangesien hierdie leer binne die bestek van sewentig jaar, meer as die helfte van die wêreldbevolking beï nvloed het, is ‘n deurtastende ondersoek na die leer nodig (Scheuer 1983:2).

Eerstens, wanneer die internasionale politieke terrein in oënskou geneem word, blyk dit dat na die Tweede Wêreldoorlog, die wêreld basies in twee politieke kampe verdeel is: die Ooste en die Weste. Aan die een kant was daar die Kommunistiese lande[1] en aan die ander kant die Kapitalistiese lande, wat twee duidelike magsblokke op politieke, ekonomiese en sosiale terrein gevorm het.

Daar is voortdurend deur die ander groot- en ‘middel-moondhede’ meegeding om die guns van bogenoemde twee magsblokke te bekom. Dit het begin ontaard in 'n sogenaamde revolusionêre besinning aangaande die opvoeding van die mens. Na aanleiding van gebeure soos die Midde-Ooste krisis, die Viëtnamese oorlog en die sogenaamde oliekrisis, het daar volgens Kotze (1977: i), 'n kenner van die internasionale politiek en die Kommunisme, 'n behoefte aan 'n ideologie ontstaan wat 'n gebalanseerde lewenshouding, integriteit en sekuriteit kon verskaf.

'n Tweede rede waarom die Kommunisme as voorbeeld geneem word, is Suid-Afrika se betrokkenheid by hierdie ideologie[2]. Een van die eerste Kommunistiese Partye buite Rusland is in 1921 in Suid-Afrika gestig (Groenewald & Olivier [S.a.]:16–17) Na 'n tydperk van ondermynende bedrywighede is die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (voortaan S.A.K.P.) in 1950 verbode verklaar, maar desnieteenstaande is sy bedrywighede daarna ondergronds voortgesit. Daar is ook gebruik gemaak van frontorganisasies soos die African National Congress (teenswoordig in S.A. aan bewind) wat verantwoordelik was vir talle terreurdade in die Republiek van Suid-Afrika (Groenewald & Olivier [S.a.]:16–17) Dit is dus uiters noodsaaklik dat daar deeglik kennis van hierdie ideologie geneem sal word.

---

[1] Aan die Kommunistiese kant was die Sowjet-Unie en sy bondgenote terwyl die Kapitalistiese kant hoofsaaklik uit die VSA en die lande van die Weste bestaan het.

[2] In hierdie proefskrif gaan dit hoofsaaklik oor die onderwys en opvoeding van Suid-Afrika.

Die derde rede vir sodanige ondersoek, is die onverklaarbare magteloosheid wat die Westerse Beskawing ten opsigte van die Kommunistiese leerstellings ervaar het. Hierdie leerstellings vind uiting in 'n groep se gehoorsaamheid aan bepaalde waardes en omdat hierdie tesis handel oor waardes is dit noodsaaklik om die Kommunistiese ideologie van nader te beskou. Die bestryding van die Kommunistiese bedreiging is nie net die taak van die wapenvuis en die ekonomie nie, maar in diepte is dit 'n aangeleentheid vir die opvoeding. As Christelike opvoeders moet ons derhalwe weet watter implikasies hierdie lewensbeskouing vir die kind se persoonlikheidsvorming inhou.

Hoewel Kommunisme aan al die vereistes van 'n ideologie voldoen, bestaan daar egter nog heelwat verwarring oor wat die begrip Kommunisme presies behels. Daarom is dit nodig om dié begrip nader te omskrywe.

## 3.2 DIE KOMMUNISME IN HISTORIESE PERSPEKTIEF

Die woord *Kommunisme* is afgelei van die woord *communis* (Basson 1981:1). Dit dui op 'n algemene of gemeenskaplike besit en sluit aan by die Latynse woorde *communitas* (gemeenskap) en *communicare* (om gemeeskaplik te maak of te verenig) (Kotzé 1965:34).

Die Kommunisme het vanuit 'n blote gedagte gegroei tot 'n ideologie wat 'n beslissende rol in die hedendaagse wêreldpolitiek speel – van iets onbekends tot 'n komplekse grootheid, aldus De Klerk et al. (1973:106). Hierdie kompleksiteit is veral te wyte aan die feit dat Kommunisme geweldig vinnig uitgebrei het. Omdat politieke, ekonomiese en ander toestande in die verskillende lande nie altyd dieselfde was nie, moes voortdurend aanpassings gemaak word.

Daar is verskillende sienings oor die begrip Kommunisme. Volgens Bales (1972:2) is Kommunisme eerstens 'n lewensfilosofie, tweedens 'n hoogs georganiseerde en deeglik gedissiplineerde internasionale sameswering en derdens, 'n gewapende mag.

Verder is Kommunisme ook 'n oproep tot rewolusionêre optrede met spesifieke doelstellings. Cohen (1972:2) beskryf Kommunisme as volg:

> *... the term ‘communism’ can refer to any system of social organization in which goods are held in common.*

Wogaman (1977:57) sien Kommunisme as:

> *It conceives of all previous history as a series of epochs, distinguished from one another by the forces of production (technology) and relations of productions (forms of ownership, distribution, and exchange).*

Volgens Van Wyk (1976b :1) is Kommunisme 'n soort sosialisme (kyk voetnota 4) waarin daar verskillende strominge voorkom. Kerklike sosialisme vind ons by die Rooms-Katolieke kerk;

staatsosialisme vind ons by die Fasjisisme en volksosialisme vind ons by die Nasionaal-Sosialisme. Kommunisme is 'n vorm van ekonomiese sosialisme.

Volgens HAT (1994, s.v.'Kommunisme') is Kommunisme 'n totalitariese regeringstelsel waarin die staat deur middel van een party die ekonomiese, maatskaplike en kulturele lewe van die volk beheer.

Die opvoedkundige, Bernard, wys daarop dat die Kommunisme as ideologie in werklikheid sy ontstaan te danke het aan die agtiende en negentiende eeuse geestesstrominge soos onder meer die Kapitalisme[3], Sosialisme[4] en Liberalisme[5] (Bernard 1976:45). Daarmee bedoel Bernard dat elkeen van hierdie geestesstrominge 'n invloed op byvoorbeeld die politieke en sosio-ekonomiese toestande in die tyd van Karl Marx (1818–1883) en Friedrich Engels (1820–1895) uitgeoefen het om sodoende direk en indirek hulle denke te beï nvloed (kyk ook Cronje 1969:22–23). Daarom kan hierdie denkstrominge of ideologieë as die voedingsbron van die Kommunisme beskou word (Pretorius 1985:113).

Benewens die Kapitalisme, Liberalisme en Sosialisme was daar ook ander noemenswaardige strominge wat hul merk op die Sosialisme en later die Kommunisme, gelaat het (Pretorius 1985:124). Daar was byvoorbeeld die Humanisme (kyk afdeling 2.2.1) met sy beskouing dat die mens self die bewerker van sy heil op aarde is. Die invloed van die Humanisme kan veral in die Liberalisme se vryheidsidee gesien word.

Verder het die Materialisme, wat tydens die industriële revolusie aangesluit het by die Kapitalisme en 'n groot bydrae gelewer het tot die sosio-ekonomiese toestande in Europa, ook bygedra tot die ontstaan van Kommunisme. Diè sosio-ekonomiese toestande het volgens Kotze (1977:19) 'n:

> *... materialistiese lewensingesteldheid in die hand gewerk wat sekerlik 'n invloed gehad het op die rigting waarin Marx en sy volgelinge se denke ontwikkel het ... en is daar gesoek na die geheim van die ontstaan en ontwikkeling van die menslike spesie.*

---

[3] Kapitalisme 'n ekonomiese stelsel gegrond op private besit, belegging en mededinging, met 'n minimum staatsbeheer, waardeur geld en besittings dus in private hande is (HAT 1994, s.v. 'kapitalisme').

[4] Sosialisme is die leer, beginsel of geloof waarvolgens deur afskaffing van die private kapitaalbesit en deur sosialisering van die produksiemiddele, 'n beter samelewing nagestreef moet word langs geleidelike óf langs revolusionêre weg, gewoonlik met die bygedagte dat iedereen min of meer dieselfde inkomste moet hê aldus HAT (1994, s.v. 'sosialisme').

[5] Liberalisme dui op vrysinnig ruimdenkend, nie bekrompe denke op godsdienstige en politieke gebied (HAT 1994, s.v. 'liberalisme').

Aansluitend daarby het ook die Naturalisme (kyk afdeling 2.2.5) wat klem op die ‘rede’ en natuurwetenskaplike kennis van die mens klem gelê het en waarvolgens die oplossing van alle probleme deur middel van die natuurwette gesoek is, bygedra tot die ontstaan van die Kommunisme.

Bogenoemde denkrigtings het mekaar, sowel as ander moontlike denkrigtings beïnvloed en gepoog om vanuit 'n bepaalde standpunt oplossings vir die politieke, godsdienstige en sosio-ekonomiese probleme van hul tyd te bied. Dit alles het meegehelp tot die skepping van bepaalde sosio-ekonomiese omstandighede in die negentiende eeu wat rykdom, armoede en werkloosheid meegebring het (Pretorius 1985:125).

Wanneer daar van Kommunisme gepraat word, word daar dikwels 'n onderskeid tussen die ‘oorspronklike’ (Klassieke of Ortodokse) en die kontemporêre vorm daarvan gemaak. ‘Oorspronklik’ dui op dié teorieë wat Marx en Engels geformuleer het en daarom staan dit ook bekend as Marxisme of klassieke Marxisme. Marxisme en Kommunisme word ook dikwels as sinonieme gebruik.

Moderne Kommunisme is 'n allesomvattende denkpatroon, wat 'n spesifieke verklaring vir die samelewing aanbied en ook toon hoe gemeenskaplikheid tot stand sál en kán kom. Carew Hunt (1962:7–8) beweer dan ook tereg:

> *[Contemporary] communism is thus a weltanschaung based upon a closely articulated body of doctrine - philosophic, economic, political and social l–- which claims alone to provide the scientific explanation of the world. It has to be studied as a whole, and it is impermissible to abstract from it certain elements which may happen to interest us and to ignore the others.*

### 3.2.1 DIE VERBAND TUSSEN KOMMUNISME, SOSIALISME EN MARXISME[6]

Nieteenstaande die feit dat al drie begrippe op die sosiale ideologie gebaseer is, is daar nietemin ook verskille. Ten einde die sosiale implikasies van 'n kommunistiese samelewing ten volle te kan begryp, is dit noodsaaklik om van hierdie verskille kennis te neem.

Ideologies gesproke, is Kommunisme wesentlik 'n sosiale filosofie wat op die grondbeginsel van die klaslose samelewing gebaseer is. Só 'n samelewing is die gevolg van die kommunalisering en sosialisering van die produksiewyse of produksiestelsel, wat die samelewing noodwendig vir die voorsiening van die materiële behoeftes aanwend (Cronje 1969:27).

Net soos by Kommunisme bevat Sosialisme die kommunalisering en sosialisering van die produksiestelsel en produksiewyse waarop die samelewing vir sy bestaan aangewese is. Volgens

[6] Vir 'n volledige beskrywing van die Marxistiese teorie, kyk afdeling 3.3.4

Lenin verskil Kommunisme egter van Sosialisme in die sin dat die Kommunisme Sosialisme as 'n noodsaaklike voorloper van die ware kommunistiese sosiale sisteem beskou (De Koster 1964:150–151; De George 1966:72,136,144; Wetter 1966:180; Hampsch 1965:3–6). Die filosofiese grondslag van Sosialisme kan, net soos in die geval van Kommunisme, ook grootliks in die leerstellings van Marx en Engels gevind word (Hunt 1962:4–6).

Die ekonoom en Nobelpryswenner, prof. Samuelson (Oranjeperspektief 1990:46–47), sê op sy beurt dat Sosialisme in drie vorms kan voorkom:

- Wanneer die staat al die produksiemiddele besit en beheer, dit wil sê wanneer daar geen private besit is nie.
- Wanneer die ekonomiese besluitneming alleenlik op regeringsvlak geskied, dit wil sê die regering besluit wat, hoeveel en vir wie geproduseer sal word.
- Wanneer die staat op allerlei wyses welvaart verdeel volgens 'n grondslag wat nie met die produksie wat gelewer is verband hou nie.

Net soos Kommunisme en Sosialisme is Marxisme hoofsaaklik 'n sosiale filosofie, maar anders as in die geval van eersgenoemde twee, word dit nie as 'n bepaalde sisteem vertolk nie. Dit is eerder 'n netwerk van beginsels wat as grondslag vir 'n filosofie van die geskiedenis dien in terme waarvan die evolusie van die mens en sy samelewing, sistematies verklaar word (Cronje 1969:66).

## 3.3 DIE OORPSRONG VAN KOMMUNISME

Die direkte oorsprong van die Kommunisme moet gesoek word in die politieke, ekonomiese en maatskaplike toestande wat aan die begin van die negentiende eeu in Europa geheers het (Van Wyk 1976b:1).

Eerstens het die geleidelike verval van die leenwese op die platteland en die agteruitgang van die gildestelsel in die stede 'n leemte in die regulering van die industriële verhoudings gelaat wat oorbrug moes word. Terselfdertyd het die Industriële Omwenteling in Europa begin. Dit het radikale ekonomiese, sosiale en politieke veranderinge meegebring. Toestroming van plattelanders na die stede het ekonomiese gevolge gehad. Kapitaliste het na vore getree en hulleself verryk ten koste van hulle werknemers. Maatskaplike misstande, onuithoudbare lang werksure, onhigiëniese werksomstandighede, kinder- en vroue-arbeid, ongesonde huisvesting en ontoereikende lone was aan die orde van die dag. Sosio-ekonomiese vooruitgang was vir die kleinboere en industriële werkers onmoontlik. Regeerders het diktatoriaal opgetree en die arbeiders het geen seggenskap in die regering gehad nie (Van Wyk 1976b:1–2).

Tweedens is die ontstaan en groei van Kommunisme ook grootliks beïnvloed deur die talle ontdekkings wat sedert die vyftiende eeu al hoe meer in Europa begin toeneem het. Nie alleen is daar nuwe horisonne vir die mens oopgestel nie, maar menslike behoeftes het algaande vermeerder. In die praktyk het 'n nuwe ekonomiese en sosiale organisasie noodsaaklik geword. Groter vryheid in die produksie en verspreiding van goedere is as uitgangspunt aanvaar. Die stabiele feodale stelsel en die ou maatskaplike en ekonomiese ordes is verwerp en vervang deur die kapitalistiese stelsel. Voortgedra deur die opkomende bourgeoisie, het die kapitalistiese stelsel gepoog om die revolusionêre ekonomiese, politieke en maatskaplke doelwitte van hierdie nuwe klas te regverdig en te verwesenlik. Omdat die winsmotief oorwegend sterk was, het hierdie klas geensins geskroom om saamgehokte ongeskoolde arbeiders uit te buit nie. Kinder- en vroue-arbeid was aan die orde van die dag en gevolglik ook 'n toenemende werkloosheid onder die manlike bevolking. Die eindresultaat van hierdie tendens was onsekerheid, armoede, sedeloosheid en 'n algemene geestelike verval van die mens (De Klerk et al. 1973:102).

Derdens het daar sedert die Renaissance 'n sterker wordende begeerte om die mens meer vry te maak van die talle bindende beperkings, ontwikkel. Dit het aanleiding gegee tot 'n nuwe Rasionalisme wat met die kapitalistiese stelsel verbind is. Hoewel die Rasionalisme in wese geestelik van aard was, het dit deur die toenemende kapitalistiese aktiwiteite 'n meer ekonomiese basis verwerf en dus meer materialisties geword. Daar is al hoe meer klem op die konkrete of materiële werklikhede in die ontwikkeling van menslike aktiwiteite gelê (Cronje 1969:23).

In Brittanje het die idee van verkryging van mag deur die middelklas algemeen inslag gevind, met die gevolg dat 'n oorgang van 'n geestelike siening na 'n meer materialistiese benadering veel makliker was. Hoewel die Franse bourgeoisie nie in staat was om dieselfde magsposisie as hul Britse ewe knie te verwerf nie, het die Rasionalisme ook hier materialisties geword. Die toenemende groei en ontwikkeling van die kapitalistiese produksiestelsel het die materialisme al hoe meer beklemtoon omdat steeds meer mense in die produksieproses ingeskakel is. Met verloop van tyd het dit 'n integrasie van die ekonomiese en sosiale lewe beteken, met die gevolg dat dit 'n organisasie geheel gevorm het met die nuwe materialisme as basis daarvan (Cronje 1969:23).

Vierdens het die individualisme (wat saam met die liberalisme ontwikkel het) sterk klem op eiendomsbesit geplaas, 'n kapitalistiese idee. In teenstelling hiermee het daar ook 'n ander idee posgevat. Verskeie denkers het, in terme van die filosofie, aan 'n utopiese stelsel begin dink waar die enkeling en die gemeenskap versoen sou word. Hierdie idees is deur Hegel, die geestelike vader van Karl Marx, verder gevoer, om sodoende die weg te baan vir die Kommunistiese ideologie wat later sou volg (Van Wyk 1976b:2).

Gedurende Industriële Revolusie (1848) is die kerklike lewe in Europa gekenmerk deur die ontwikkeling van 'n tweespalt tussen die Rasionalisme en Piëtisme. As gevolg van eersgenoemde is die geestelike lewe vervlak en die kerklike lewe verwêreldlik. Teen die koue onbewoënheid van die Rasionalisme het

die Piëtisme as reaksie na vore gekom en 'n gevoelsgodsdiens tot gevolg gehad wat so eensydig op die sieleheil van die mens gekonsentreer het, dat die liggaamlike behoeftes en sosiale nood van die mens uit die gesigsveld verdwyn het. Die stem van die Piëtisme was gevolglik stil met betrekking tot die heersende sosiale ongeregtigheid (De Klerk et al. 1973:109).

In 1847 het die *Kommunistiese Manifes* van Engels (1820–1895) en Marx (1818–1883) as 'n protes teen die heersende onreg onder die Kapitalisme verskyn.[7] Saam met *Das Kapital* (die hoofwerk van Marx) bied hierdie geskrifte, soos verder uitgebou, vertolk en verklaar deur Lenin en Stalin, die basis van die huidige Kommunisme.

Om die idees van Marx en Engels beter te kan verstaan is dit belangrik dat daar gelet sal word op sekere gebeurtenisse en invloede wat 'n rol in die formulering van hulle idees gespeel het.

### 3.3.1 MARX EN ENGELS

Marx en Engels kan volgens Basson (1981:5) beskou word as 'kinders van hul tyd'. Die haglike toestande in Europa en Engeland het 'n diep indruk op Marx en Engels gelaat. Hulle het gevoel dat die samelewing verander moes word en hierdie verandering van die samelewing as hulle lewenstaak beskou (Kotzé 1965:37).

Volgens Marx en Engels was die oorsaak van bogenoemde toestande 'n materiële wanbalans. Die produksiemiddele is deur 'n klein groepie mense besit, terwyl die res van die bevolking niks gehad het nie. Die oplossing het vir hulle gevolglik in die beëindiging van privaatbesit en die skepping van gemeenskaplike besit geleë want:

> *Dan sou alle stryd en vrees verdwyn en almal gelukkig en tevrede wees* (Kotzé 1965:37).

Marx en Engels het begin om hulle idees openlik deur middel van vlugskrifte, koerante en openbare optredes, te propageer. Hulle is hierin deur 'n politieke organisasie, naamlik die *Bond van Regverdiges* (ook bekend as die *Bond van Kommuniste*) bygestaan, wat later as gevolg van interne verskille sou skeur (Pretorius 1985:128).

Tydens hierdie periode het Marx en Engels hulle aan die kant van die arbeider en dié se stryd om 'n beter ekonomiese bedeling geskaar. So is Marx byvoorbeeld in 1864 tot die bestuur van 'n internasionale sosialistiese arbeidsorganisasie verkies. Dit was die eerste internasionale organisasie

---

[7] Hierdie werk van Marx en Engels was aanvanklik nie bekend as die *Kommunistiese Manifes* nie. Die oorspronklike titel was *Manifes of the Communist Party* (Payne 1968:164).

wat die verbetering van die arbeidstoestande in Engeland sowel as Europa ten doel gehad het (Lindemann 1963:120–121).

Op grond van hulle omswerwinge, praktiese ondervinding van ekonomiese toestande, akademiese agtergrond en hul simpatie met die ‘verarmdes’ en ‘onderdruktes’, was hulle deeglik in staat om 'n nuwe wêreldwye ideologie te formuleer.

Naas die bydrae van Marx en Engels het Lenin en Stalin ook 'n belangrike bydrae gelewer om aan die Kommunisme sy beslag te gee. Vervolgens gaan kortliks op Lenin en Stalin se bydrae gelet word.

### 3.3.2 VLADIMIR ILJICH LENIN (1870–1924)

Die Bolsjewistiese revolusie het in 1917 begin. Na die revolusie het die Russiese industriële werkersminderheid, ook Bolsjewiste genoem, onder leiding van Lenin, beheer oor die Russiese volk gekry.

Die Bolsjewiste, wat hulself ‘Kommuniste’ genoem het, het Rusland met wapens beset. Met behulp van 'n sterk leër was hulle binne drie jaar ferm in beheer. Lenin het diktatuur en geweld, wat vir Marx noodsaaklik was vir sosiale transformasie, die hoeksteen van sy beleid gemaak.

Die Kommunisme is 'n filosofie van haat en geweld, waarin die geluk van die individu eintlik geen gewig dra nie. Lenin (in Pistorius 1978:303) sê self:

> *It does not matter if three-quarters of mankind is destroyed; all that counts is that ultimately the last quarter becomes communist.*

Lenin het nie net die gedagtes van Marx sy eie gemaak nie, maar dit verder verkondig en uitgebrei. Hy het die geestelike en materiële waardes van die Weste verwerp, terwyl hy as volkome ateïs, die beginsels van die Christendom as nutteloos en selfs gevaarlik afgeskryf het. Die staat het vir Lenin slegs bestaansreg gehad indien dit bestuur kon word deur die diktatuur van die Proletariaat. Verder het hy hom sterk teen die verdeling van die gemeenskap in klasse verset (Van der Walt & Postma 1987:125).

Marx het geglo dat 'n Kommunistiese revolusie slegs in 'n hoogsontwikkelde geïndustrialiseerde land kan slaag. Hy het trouens 'n sterk afkeer van en minagting teenoor Rusland gekoester. Daarteenoor het Lenin sy hele lewe aan een groot doel gewy, naamlik die verwekking van 'n revolusie in Rusland wat die bestaande regime met bloedige geweld omver sou werp en die Kommuniste in beheer sou plaas. Lenin wou self aan die revolusie deelneem. Hy was 'n leier en opsweper, wat die massas tot die daad aangevuur het (Pistorius 1970:217).

Marx het van die standpunt uitgegaan dat 'n kommunistiese revolusie eers kan plaasvind nadat die meerderheid van die Proletariaat klasbewus geword het, terwyl Lenin beweer het dat slegs 'n klein groepie leiers namens die Proletariaat 'n revolusie kon teweegbring (Floor 1981:2–3). Volgens Lenin was die Proletariaat te onkundig en gevolglik te ongeorganiseerd om 'n kommunistiese revolusie van stapel te stuur en enduit te voer. Vir so 'n revolusie was 'n groepie uitgesoekte mense met hulle leiers (die Kommunistiese Party of Politburo), waarvan Lenin later self die leier was, nodig (Van der Walt & Postma 1987:125).

Lenin het daarin geslaag om die kommunistiese teorie van Marx in die kommunistiese praktyk in Rusland te omskep. Hierdie kommunistiese praktyk het uiteindelik 'n bedreiging vir die wêreldvrede geword, aangesien Lenin Marxisme tot 'n imperiale ideologie of beleid uitgebou het. Hierdie beleid het die volgende doelwitte gehad:

- Revolusies teen nasionaal-kapitaliste moes by kolonies van die moondhede geïnisieer word om wêreldkapitalisme tot 'n val te bring.
- Geweld en terrorisme moes as middele aangewend word om die einddoel van 'n kommunistiese wêreldstaat tot stand te bring (Van der Walt & Postma 1987:125).

### 3.3.3 STALIN (1879–1953)

Indien die geteisterde Russiese volk die geheime hoop gekoester het dat sy toestande sou verbeter toe Josef Vissarionovich Dzhugashvili, die selfgetitelde *Man van Staal*, die leisels oorgeneem het, het hulle hul deeglik misgis. Die Kremlin-oorlog is met verskerpte hewigheid voortgesit. Stalin, anders as Marx en Lenin wat beide uit die bourgeoisie afkomstig was en selfs universiteitsopleiding gehad het, was 'n egte proletariër uit die armste bevolkingsgroep wat van ‘n karige loon moes lewe.

Hy het reeds vroeg in sy lewe 'n afkeer in godsdiens ontwikkel en gou kennis gemaak met revolusionêre lektuur. Vanweë sy arrogante optrede (hy het die rol van 'n rampokker in allerlei roofvoorvalle in die revolusionêre bewegings in 1913 vervul), is hy in 1913 na Siberië verban. In 1917, terug in Rusland, het hy hom by die geledere van die Kommuniste gevoeg.

Stalin het geen vrees geken nie. Hy was hard, meedoënloos en genadeloos. Stalin het aan 'n onversadigbare magshonger gely. Hy het homself as 'n godheid beskou en dieselfde van sy onderdane verwag. Stalin het met 'n beleid begin, om al die Oosterse en Mongoolse volkere van die (Groot Gebied) Russies te maak (Van der Walt & Postma 1987:125).

Uit die lewe en werk van Stalin blyk dit dat die belangrikste bydrae wat hy tot die ontwikkeling van die kommunistiese teorie gelewer het, was dat hy Kommunisme in diens van 'n soort Russiese Nasionalisme ingespan het. Die Klassieke Marxisme het net kosmopolitisme onderskryf en glad nie nasionalisme in enige vorm nie. Stalin (en Lenin) het aanvaar dat nasionalisme in sekere

omstandighede pragmaties gebruik kon word om die volle eksploitering van die Kommunisme te verhaas (Pistorius 1970:220).

Stalin se besondere bydrae was die afdwing van partybeginsels deur middel van 'suiwerings': die uitmoor van alle teenstanders. Waar Lenin sy vyande uitgeroei het, likwideer Stalin sy eertydse vriende. Met sy matelose magsdrang as dryfkrag, bewerk hy as't ware 'n teenrevolusie. Deur sy toedoen word die Sowjet-Unie die mees arbeidsvyandige, monopolistiese samelewing te wêreld (Pistorius 1978:305).

Die getal lede van die Party is ooreenkomstig die Bolsjewistiese patroon klein gehou. Slegs uitgesoekte, geharde, beproefde en 'betroubare' persone is tot die geledere van die Party toegelaat. Die groot trefkrag moet aan die onverbiddelike dissipline en die feit dat sleutelposte deur uitgesoekte Kommuniste beman is, toegeskryf word (Pistorius 1978:305).

Om die optrede van die Kommunistiese Party te verstaan is dit nodig om te let op wat die houding van die Neo-Marxisme is.

### 3.3.4 DIE NEO-MARXISME

Neo-Marxisme is 'n filosofie wat voortbou op die filosofie van Karl Marx. Volgens Snyman (1980:1) is die Neo-Marxisme:

> *... die verdere uitwerking van (verskillende aspekte van) Marx se teorieë onder inwerking van historiese omstandighede wat ontwikkel het na die grondlegging van die Marxistiese teorie. In dié opsig is die huidige Sowjet-Kommunisme dan ewe Neo-Marxistiese as die verskillende Marxistiese denkstromings wat hulle in die Weste bevind: 'n mens durf praat van 'n algemene Marx-navolging, of selfs 'n wydverspreide Marx-skolastiek.*

Neo-Marxisme het veral sy ontstaan te danke aan die feit dat denkers en filosowe teen die deterministiese denkwyse van die geformaliseerde Marxisme in opstand gekom. Alle vorme die Neo-Marxisme het nog steeds Marx se eie geskrifte as grondnoemer (Du Plessis 1982:5).

Binne die Neo-Marxistiese beweging is daar egter verskillende interpretasies en sienswyses. Sommige Neo-marxiste het 'n soort 'waardering' vir die lewe en werk van Jesus Christus, as 'onderdrukte'. Marx self het enige vorm van godsdiens verwerp, terwyl sommige Neo-Marxiste deur die Christelike godsdiens die maatskappy wil ondergrawe. Die gelykenis van Lasarus (Luk.16:19–31) word byvoorbeeld só geï nterpreteer dat dit inpas by die dialektiek van Marx (Dialektiese Materialisme). Die ryk man is die een dialektiese pool (die ryk besittersklas of bourgeoisie), terwyl die arm man die Proletariaat, die ander pool is. Die boodskap van hierdie gelykenis is dus vir die Neo-Marxis dat die armes in opstand moet kom teen die rykes (wat tóg, soos die ryk man in die hel beland), omdat die

rykes nie net omtrent alles besit nie, maar hulle boonop skuldig maak aan uitbuiting en onderdrukking (Roos 1979:53–54).

Sommige Neo-Marxistiese denkers meen dat God dood is, daarom is alle dinge moontlik en geoorloof. Uiteindelik bestaan slegs die grusame en afskuwekkende werklikheid. Hierdie *Verwaltete Welt* (slegte wêreld) het intellektuele briljante denkers

> *hulle [laat] verset teen die bestaande orde (wat na hulle oordeel totaal sleg is) deur negatief , dit wil sê totalitêr krities, daaroor te dink* (Du Plessis 1981:3).

Die Neo-Marxiste rig hulle veral teen die denke van die hedendaagse Westerse mens. Hulle wil die rasionele samelewingskeppinge van die mens se rede, soos skole, kerke en state met hulle regerings afbreek en omver werp. Teen die Christelik-reformatoriese sondig die Neo-Marxiste weer op hulle beurt, aangesien hulle die humanistiese prinse in ons samelewing in humanistiese voortreflikheid wil oortref (Du Plessis 1981:3).

Die Neo-Marxiste probeer nie om in die eerste plek uiterlike geweld aan te blaas nie, hulle is eerder linksgesinde denkers wat die grondslag van die ‘New Left’ of links-radikale in die westerse wêreld vorm. Hulle gedagtes bereik veral die universiteitstudente wat aan die voete van Neo-Marxistiese leermeesters sit. Die skoolgaande jeug word deur Neo-Marxisties geï nspireerde onderwysers beï nvloed en voorskoolse jeug deur die (primêre) opvoeding van radikaal linksgesinde ouers (Van der Walt & Postma 1987:125). Die belangrikste element van die ‘Marxisme’ wat dus herkenbaar is in die Neo-Marxisme, is die revolusionêre aard daarvan (Du Plessis 1981:5).

Ten slotte kan met Van der Walt (1981:274) se gevolgtrekking dat die Neo-Marxisme vasgevang sit in die natuur-vryheid grondmotief[8] akkoord gegaan word. So bepleit Hans-Jochem Gamm (van die Tegniese Universiteit te Darmstadt) aan die een kant dat die mens met sy rasionele vermoëns vryheid moet bewerkstellig. Hy wys egter duidelik daarop dat die individu se vryheid deur sy eie hedendaagse tegnologiese uitvindinge bedreig word (Van der Walt & Postma 1987:134). Die Neo-Marxistiese opvoedkunde, ook bekend as die ‘Emansipatoriese Pedagogiek’ openbaar hom in 'n gematigde sowel as 'n radikale vorm. Die gematigdes wil verandering meebring deur geleidelike Sosialistiese hervormings. Die radikale vorm openbaar hom in die ‘New Left’ wat ten doel het die omverwerping

---

[8] Volgens dié motief poog die mens om deur sy wetenskaplike beheersing van die natuur vir hom 'n vrye en volmaakte wêreld te skep, maar die resultaat was (en is) dat die mens 'n slaaf van sy eie wetenskaplike monsteragtighede geword het (en is). Op hierdie wyse het die mens sekere fasette van die kosmos, byvoorbeeld die mens se rede (Rasionalisme), die natuur (Naturalisme), en die wetenskaplik-eksperimentele bevindinge (Empirisme) verabsoluteer en die God van die Heilige Skrif, wat die totale werklikheid in aansyn geroep het, verloën (Postma 1987:25–26).

van die samelewingsorde en die vervanging met 'n utopia ('n ideale heerskappyvrye samelewing) (Van Wyk 1979:132–135).

Vir ons verdere studie is dit egter belangrik dat daar met aandag na die Marxistiese teorie, wat ook sy invloed in Suid-Afrika laat geld, gekyk word.

## 3.4 DIE MARXISTIESE (KOMMUNISTIESE) TEORIE[9]

### 3.4.1 INLEIDING

Die Marxisme was 'n sintese van verskeie lewensbeskouinge: die Dialektiek van Hegel, die Materialisme van Feuerbach, die Sosialisme en Revolusie-Idealisme van die Franse, die Engelse Klassieke, die Liberale Ekonomie van Ricardo en die Joodse toekomsverwagting (Van Wyk 1976b:2).

Marx en Engels het 'n omvattende ‘revolusionêre politieke teorie’ opgebou wat deur Basson (1981:1) onder mees beskryf word as 'n

> *... ganse nuwe wêreld-en lewensbeskouing wat bestem sou wees om die geskiedenis van die mensdom radikaal te beï nvloed.*

Hierdie ‘ganse nuwe wêreld- en lewensbeskouing’ of ideologie berus op 'n paar basiese beginsels, wat ook die waardes van Kommunisme vorm:

- Die dialiektiese materialisme.
- Die beginsel dat die samelewing uit ‘klasse’ bestaan wat gedurig in 'n stryd met mekaar verkeer.
- 'n Toestand van verandering en revolusie.
- Die diktatuur van die Proletariaat.
- 'n Kommunistiese fase wat die einddoel vorm.
- 'n internasionale gees met 'n ateï stiese grondslag.

Ten einde heirdie Marxistiese teorie beter te kan begryp word elkeen van hierdie beginsels toegelig.

---

[9] Kotzé (1965:28) wys daarop dat omrede Marx en Engels insette gelewer het in die Kommunistiese teorie, daar eerder gepraat behoort te word van die Marx-Engels-ideologie, maar dit staan egter in die algemene spreektaal bekend as Marxisme, Klassieke Marxisme of Kommunisme.

### 3.4.2 DIALEKTIESE MATERIALISME

Onder invloed van die Materialisme[10] van Feuerbach, het Marx stof en krag as die enigste vorme van bestaan erken. God of 'n geestelike bestaan word ontken. Daar is geen ander lewe as die aardse nie. Die mens is 'n stoflike wese. Denke is trillende materie in die vorm van breinselle.[11] Alles sentreer rondom die stoflike behoeftes van die mens. Godsdiens is bloot 'n set van die rykes om die onderdrukte armes gehoorsaam te hou (Van Wyk 1976:64). Vandaar die bekende Kommunistiese uitdrukking:

> *Godsdienstige lyding [sê Marx] is die uitdrukking van werklike lyding en tegelykertyd 'n protes teen werklike lyding. Godsdiens is die versugting van die onderdrukte wese, die hart van 'n hartelose wêreld, net soos wat dit die gees van geeslose toestande is. Dit is die opium van die volk.* (Du Plessis 1982:8.)

Omdat Feuerbach se Materialisme vir Marx te staties en meganisties was, het hy in die Dialiektiek van die Duitse Idealis Hegel 'n vaslegging vir sy dinamiese revolusionêre beginsels gevind. Vir Hegel was die oorsprong en verloop van alles wat bestaan en gebeur toe te skryf aan die Rede of Idee as die hoogste universele geestelike waarde (Basson 1981:6).

Hierdie ‘hoogste geestelike waarde’ kom tot uiting in die menslike denkarbeid en kulturele aktiwiteite en word gekenmerk deur 'n lewenskragtige dialektiese beweging. Shore (1947:15), 'n Amerikaanse opvoedkundige, beweer in hierdie verband:

> *... this reality - the Idea - in order to define itself, passes through a dialectical struggle best explained in a philosophical triad.*

Hegel se dialektiek kom kortliks op die volgende neer: Denkontwikkeling vind altyd plaas as gevolg van 'n botsing tussen twee teenoorgestelde idees waarvan die een (antitese) uit die ander (tese) ontwikkel het. Uit hierdie nuwe idee, ‘n sintese (wat nou 'n nuwe tese verteenwoordig), ontwikkel dan 'n volgende nuwe idee (antitese) wat met die moeder idee in teenstelling is. 'n Nuwe botsing ontstaan en die proses herhaal homself. Die sentrale tema van die dialektiek is dus: botsing lei tot vooruitgang (Van Wyk 1976b:4).

---

[10] Die woord is afgelei van die Griekse woord ‘argument’ en beteken die verabsolutering of oorbeklemtoning van die materie - vir die mens is daar dus geen bestaan na die dood denkbaar nie (Landman en Kilian 1972:54).

[11] Waar dit vir Feuerbach gegaan het om wat die mens is, het dit vir Marx egter gegaan om dít wat die mens se denke en dade bepaal, dit wil sê, waarneembare materiële kragte (Abercombie & Turner 1978:150–151).

Vir die eerste keer is daar, volgens Marx, 'n teorie ontwerp wat die gang van die mensdom op 'n dinamiese en evolusionistiese wyse kon verklaar. Marx en Engels het egter nie hierdie teorieë van Hegel en Feuerbach slaafs nagevolg nie, maar gebruik om hul eie teorie ontwerp (Sarup 1978:115; Bober 1948:29).

Hegel het die ‘Idee’ as die realiteit en materie as die ‘uitdrukking’ daarvan beskou (Childs 1973:12–13). Daarteenoor het Marx en Engels materie as die realiteit beskou en was die ‘Idee’ vir hulle bloot 'n ‘...mental translation of matter ‘(Shore 1947:17).

Hegel se teorie is vir hulle eie doeleindes gevolglik omgedraai en aangepas (Pretorius 1985:133). Basson (1981:8) beskou hierdie aangeleentheid van die ‘Dialektiese Materialisme’ (waar gees en materie plekke wissel) soos volg:

> *'n Mens sou kon sê dat Hegel se idealistiese dialektiek en Feuerbach se ateï stiese materialisme vir Marx respektiewelik as tese en antitese gedien het, met sy dialekties- materialistiese lewensvisie as die logiese sintetisering van dié twee pole.*

Die Dialektiese Materialisme van die Marxisme kom op die volgende neer: Die natuur is 'n outodinamiese eenheid van teenoorgesteldes wat, sonder die invloed van 'n eksterne mag of Mag, met mekaar in botsing kom. Hierdie botsings veroorsaak progressiewe veranderings in die natuur. Dieselfde dialektiese beginsels wat in die natuur funksioneer is ook in die menslike samelewing werksaam. Dié progressiewe veranderings word veroorsaak deur objektiewe wette waaroor die mens geen beheer het nie. Só ekonomiese verandering sal 'n totaal veranderde en verbeterde samelewing tot gevolg hê. Die ‘onvermydelike’ verandering volg noodwendig op 'n klassebotsing. So word revolusie, bloedvergieting en ander ongerymdhede geregverdig (Van Wyk 1976:64-65).

### 3.4.3 DIE KLASSESTRYD

Deur die Dialektiese Materialisme op die geskiedenis van toepassing te maak interpreteer Marx die geskiedenis van die mensdom soos volg:

> *... history of all hither to existing society is the history of class struggle*.
> (Marx in: Shore (1947:20)).

Hierdie ‘klassestryd’ was vir Marx tiperend van die sosio-ekonomiese toestande van sy tyd. In dié verband beweer hy:

> *Society as a whole is more and more splitting into two great hostile camps, with two great classes directly facing each other - bougeoisie and proletariat* (Shore 1947:20).

Die rede vir hierdie klassestryd moet gesoek word in die ekonomie en wel in die kapitalistiese produksiestelsel (Price 1977:29). Produksie en produksieverhoudinge bepaal, volgens Marx, die struktuur van die samelewing. Die ekonomiese struktuur van die samelewing is dus die onderbou wat die hele samelewingstruktuur bepaal (determineer). Die ekonomie van 'n samelewing bepaal dus die wetsisteem, die politiek, die moraal, die kuns, die klasseverdeling en selfs die godsdiens. Die hele sosiale 'bo-bou' is afhanklik van die ekonomiese onderbou [vergelyk Sargent (1975:79–81) en Sabine (1971:766–771)].

Marx het tot die gevolgtrekking gekom dat die Kapitalisme die oorsaak is van die ellendige en swak toestande van die werkersklas in Engeland en Europa (Schwartz [S.a.]:13–14). In die algemeen heersende kapitalistiese ekonomiese stelsel is die produksiemiddelle in die hande van die besittersklas (bourgeoisie) terwyl die 'arbeiders' (Proletariaat) die besitlose meerderheid is.

Vir Marx was die hele geskiedenis 'n verslag van die klassestryd veral tussen die bourgeoisie ('haves') en die Proletariaat ('have-nots'). Mettertyd het daar 'n onoorbrugbare kloof tussen hierdie twee groepe ontstaan wat tot 'n onvermydelike klassestryd aanleiding gegee het. Hierdie kloof is verder deur ekonomiese krisisse soos byvoorbeeld botsings oor lone, verbreed. Dit het meegebring dat die aanhangers en simpatiseerders van elke klas hul al hoe meer met hul eie groep begin identifiseer het. Gevolglik het 'n sterk eenheidsgevoel in elkeen van die twee klasse ontwikkel (Du Plessis 1982:6). 'n Revolusionêre oorwinning oor die bourgeoisie sou 'n ideale samelewing verseker (Sargent 1975:90).

### 3.4.4 VERANDERING EN REVOLUSIE

Volgens Marxistiese leerstellings sou ware Sosialisme bereik word sodra die werkersklas die politieke mag bemeester het. Lenin het die teorie verder uitgebrei deur by te voeg dat die werkers slegs die politieke mag in die hande kan kry deur van 'n verteenwoordigende, kompakte, gedissiplineerde groep professionele revolusioniste gebruik te maak, wat by magte is om massageweld te pleeg (Kotzé 1965:7).

Volgens Marx en Engels is revolusie noodsaaklik en geregverdig want slegs deur revolusie kan die gemeenskap losgemaak word van al die stremmende faktore van die verlede en hernuwing beleef (Price 1965:7).

Na die noodwendige revolusie sal die finale stadium, naamlik die kommunistiese stadium, aanbreek. Wanneer die kapitalisme vernietig is, sal die 'wortel van die kwaad' en die 'oorsaak' van alle menslike stryd vir goed uit die weggeruim wees (Basson 1981:1; Pretorius 1968:20).

Marx het besef dat 'n kommunistiese samelewing slegs deur 'n proses van transformasie tot stand kon kom:

> *Tussen die kapitalistiese en kommunistiese samelewings lê die tydperk van die revolsionêre transformasie, van die een na die ander. Hiermee gaan ook 'n politieke oorgangstydperk saam, waarin die staat niks anders kan wees nie as die revolusionêre diktatuur van die Proletariaat.* (Pretorius 1968:17.)

### 3.4.5 DIE DIKTATUUR VAN DIE PROLETARIAAT

Volgens Marx, sal die diktatuur van die Proletariaat 'n tydperk van Sosialisme wees waarin die arbeiderklas homself regeer; daar reeds gelykheid is; die laaste probleme volgens die beginsel van die dialektiek uitgestryk word en waarin produksie-vir-wins in produksie-vir-verbruik oorgaan (Pistorius 1978:309).

Marx se gevolgtrekking was dat die Proletariaat die kapitalistiese staat deur 'n spontane opstand sou oorneem. Hierdie sogenaamde 'diktatuur van die Proletariaat' sou alle politieke mag bemeester, alle kapitalistiese instellings vernietig en alle magte van die Kapitalisme oorwin. Net een klas, naamlik die Proletariaat sou oorbly. Sodoende word die klaslose staat 'n werklikheid (Van Wyk 1976b:6).

Omdat die Proletariaat, volgens Lenin, nie die vermoë het om 'n revolusie te bewerkstellig en Kommunisme in te voer nie, het Kommunisme van bo-af 'n sterk professionele kern nodig om op die Proletariaat afgedruk te word. Hierdie ingeligte minderheid (wat in die Kommunistiese Party georganiseer word) verteenwoordig dan die belange van die meerderheid en beheer die massas totdat hulle vir die klaslose staat gereed is (Van Wyk 1976:66).

Hierdie diktatuur sal dan die weg vir die Kommunisme, die laaste en finale fase voorberei. Daar sal, anders as in die geval van die revolusie:

> *... 'n geleidelike, bykans onopsigtelike oorgang van sosialisme na kommunisme wees* (Christenson et al. 1971:35).

Daarmee sal die geskiedenis van die mens sy eindpunt, in die utopie bereik, wat in die 'finale fase' na vore sal tree.

### 3.4.6 DIE KOMMUNISTIESE FASE

Ooreenkomstig die Kommunistiese ideologie sal daar nadat 'n kommunistiese heerskappy eers gevestig is, 'n gelukkige, staatlose werkersmaatskappy sonder uitbuiting en klasseverdeeldheid aanbreek, 'n werkersutopie op aarde. Ter wille van die toekomstige paradys, moet die huidige mens ontbeer (Van Wyk 1976:67).

Kotze (1977:8) sien die utopie soos volg:

*Dáárin sal alle kapitaal in openbare besit wees, en langs hierdie weg sal sosiale gelykwaardigheid verseker wees. Die uitbuiting van mens deur mens sal iets van die verlede wees, sodat klasse sal verdwyn. Klassestryd sal eindig, godsdiens sal verdwyn (omdat dit nie meer nodig sal wees nie), nasionalisme sal verdwyn (omdat dit ook nie meer nodig sal wees nie), die staat sal verdwyn (omdat dit as magsmiddel van 'n heersende klas nie meer nodig sal wees nie) en op ekonomiese gebied sal gehandel word volgens die beginsel: arbeid volgens vermoë en vergoeding volgens behoefte. Daar sal ware ewigdurende vryheid, vrede en geluk wees.*

Kenmerke van hierdie utopie is:

- 'n Nuwe menstipe, die sosiale, verligte en wetenskaplike mens deurdronge van naasteliefde, eerlikheid, moed, kameraadskap en arbeidsliefde sal daarin lewe.
- Die absoluut vrye mens sal kollektief oor sy eie lot beslis.
- Die samelewing sal berus op 'n bloeiende ekonomie en die wetenskap sal in alle menslike behoeftes voorsien.
- Almal sal, as aanhangers van die dialektiese wetenskaplike materialisme, in volkome harmonie saamlewe (Van Wyk 1976:67).
- Sosiale geregtigheid, gelykheid, permanente vrede, 'n hoë lewenstandaard en voortdurende groei van die goeie lewe sal heers.
- Genoemde utopia wat deur die Kommunisme voorgehou word, is die ideaal waarna op ‘n dinamiese wyse gestreef word, met die doelwit, om uiteindelik die hele wêreld te omvat (De Klerk et al. 1973:124).

### 3.4.7 INTERNASIONALISME

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Kommunisme in wese internasionale oogmerke het. Met sy teorie van Dialektiese Materialisme het Marx die verowering van die hele wêreld beoog en daarom het hy 'n beroep op alle werkers in die wêreld gedoen om hul te verenig met die doel om die wêreld te verander.

Hierdie kenmerk van Internasionalisme sou verder deur Marx se volgelinge in die praktyk verwerklik word. Daar is reeds in 1919 deur die Kommunistiese Party onder leiding van Lenin tot die stigting van die Kominterm[12] oorgegaan wat die volgende ten doel gehad het:

[12] Kominterm staan vir Kommunistiese Internasionaal-buro (Baradat 1979:166–167).

> *... die omverwerping van alle bourgeiosie-state met die oog op die stigting van 'n Internasionale Sowjet-Republiek* (Pretorius 1968:46).

Die Kominterm is in 1947 opgevolg deur die Kominform[13] met dieselfde doel as sy voorganger, naamlik die uitbreiding van Kommunisme. Wêreld-sosialisme soos deur Marx en sy volgelinge geformuleer, is die enigste voorwaarde vir wêreldvrede. Totdat dit bereik is, kan daar hoogstens sprake wees van ‘gewapende vrede’ of 'n ‘koue oorlog’, aldus Pretorius (1968:46). Hy omskryf hierdie standpunt as volg:

> *Die Kommunistiese strewe na wêreldoorheersing - behoort tot sy wesensaard ... die werklike oorsprong van hierdie strewe en ideaal lê in die ideologie self: in die hele Idee wat dit deursuur en besiel. Dit lê in die feit dat die ideologie wesenlik 'n verlossingsleer is, 'n wêreldlike religie met 'n wêreldmissie, met 'n sending, en verlossingsopdrag wat hom deur die Geskiedenis opgelê is, waarvoor hy uitverkies en gepredestineer is.*

Om hierdie uitspraak van Pretorius in die regte lig te kan beoordeel, is dit nodig om die ateï stiese grondslag van die Kommunistiese ideologie van naderby te beskou.

### 3.4.8 DIE ATEÏSTIESE GRONDSLAG

Vanuit godsdienstige perspektief gesien, sou dit verkeerd wees om Kommunisme te vereenselwig met deï sme of agnostisisme. Die ateï sme huldig nie maar net 'n soort beskouing wat God as suiwer transendent sien of as 'n bonatuurlike mag wat nóg bewysbaar nóg weerlegbaar is nie. Die Kommunisme is uit en uit ateï sties: God bestaan eenvoudig nie (Basson 1981:77). Marx het godsdiens die ‘opium vir die volk’ genoem. Lenin het beweer dat die godsdiens beveg moet word, omdat dit nie die ABC van alle materialisme en dus Marxisme is nie (Van der Merwe 1982:23). Chroetsjtjov het gesê:

> *Ons bly die Ateï ste wat ons altyd was; ons doen alles wat ons kan om daardie mense wat nog onder die invloed van hierdie godsdienstige slaapdrank verkeer, te bevry* (Vorster [S.a.]:4).

Volgens Marx is die godsdiens daarop gemik om die menigte passief te maak (soos opium met 'n mens maak) om sodoende die nie-besittend, arm en onbevoorregtes onderhorig te hou. Die Christelike godsdiens daarenteen vertel die mens dat sy aardse toestand deur die wil van God bepaal word. As hy dus in onderhorigheid, armoede en ellende verkeer, het God dit so beskik. Om hom daarteen te verset, sou opstand teen die wil van God en gevolglik sonde wees (Kotze 1977:39).

---

[13] Kominform staan vir Kommunistiese Informasie-buro en is ingestel om die Kominterm wat, as gevolg van die Tweede Wêreldoorlog doodgeloop het, te vervang.

Omdat die godsdiens en die kerk daarop ingestel is om die bourgeoisie se belange op ekonomiese, sosiale, politieke en ander terreine te regverdig, te beskerm en te bevorder, en in dieselfde mate die Proletariaat se belange teë te werk, moet die Proletariaat dit ten gunste van 'n ideologie wat hulle geprojekteerde eiebelang weerspieël, verwerp. Hierdie ideologie is die Kommunisme, wat spesifiek vir hulle ontwerp is (Hampsch 1965:62).

Die Kommunisme leer dat alles bonatuurlik en bo-aards versinsels is en dat die mens se eindbestemming op die aarde is. Dit leer ook dat die Proletariaat kan meehelp om homself en daardeur uiteindelik die hele mensheid, van godsdiens te bevry. Volgens Marx sou die godsdiens met die totstandkoming van die Kommunisme vanselfsprekend eindig.

Wanneer die Marxisme homself as anti-religie bestempel, moet dit nie net beskou word as 'téén die religie' nie; dit het ook die betekenis van 'in die plek van die religie'. Die Marxisme is 'n pseudo-religie, met baie kenmerke van die Judaï sme (Marx was 'n Jood), die Christelike Evangelie en die Christelike praktyk:

- Daar is 'n 'God'. In die Kommunisme is die mens self god: in die heilsontplooiing gaan dit immers net om sy heil terwyl die Christelike opvatting lui dat alles tot eer van God moet plaasvind (Du Plessis 1982:8).

- Daar is sprake van skepping. Die Marxisme sê dat nuwe dinge deur die historiese proses in samewerking met die mens geskep word. Aanvanklik was daar 'n idilliese toestand (Judaï ste en Christene ken dit as die Paradys). Mettertyd het dié toestand tot 'n einde gekom en die mens het ongelukkig geword. Volgens die Christelike beskouing is die mens self vir hierdie 'val' verantwoordelik. Volgens Marxisme is die kapitaalbesitters daarvoor verantwoordelik (Van der Walt, Fowler & Venter 1990:30).

- Die mens wil van ellende verlos word maar is te swak om dit self te kan doen. Volgens die Christelike Evangelie het Christus vir almal as Verlosser opgetree en kan die mens persoonlike verlossing ondervind deur sy verlossingsdaad aan die kruis te aanvaar. Die Marxisme leer dat die historiese proses, bygstaan deur die Proletariaat, verlossing uit die kapitalistiese ellende-toestand sal teweegbring (Pistorius 1978:313–315).

- Die verlossing sal met bloed geskied. In die een geval is dit die bloed van Christus; in die ander geval die bloed as gevolg van die revolusie (Van der Walt et al. 1990:36).

- Daar is 'n groep wat sekere take in verband met die heilsontplooiing moet verrig. In die ou Testament is dit die uitverkore volk Israel; volgens die nuwe Testament alle Christen-gelowiges. Vir die Klassieke Marxisme is die Proletariaat die aangewese groep (Pistorius 1978:309).

Vir die Kommunis is stof en krag die enigste werklike realiteit, die enigste ware werklikheid wat bestaan dit wil sê die sigbare, eerbare, kontroleerbare, konkrete wêreld. As materialis erken hy geen ander wette as dié wat in die materie self geslote lê nie. Friedrich Engels sê:

> *Die ganse natuurlike wêreld word beheer deur natuurwette en dit sluit ingrype of aksie van buite af absoluut uit ... In ons evolusionêre opvatting van die heelal is daar geen plek vir of 'n Skepper of 'n wetgewer nie en om van 'n Hoodgste Wese, wat buite die bestaande wêreld is , te praat, impliseer 'n kontradiksie in terme.* (Cronjé 1969:97.)

Lenin sê:

> *Agter hierdie 'fisiese' eksterne wêreld, waarvan elke mens weet, kan daar niks wees nie* (Cronjé 1969:98).

Geloof in God laat die mens volgens beginsels handel. Hierdie beginsels belemmer Marx se hele program. Die kerk was (net soos die staat en die regstelsel), vir Marx slegs een van die kapitalistiese beheerinstellings. Dit is dus begryplik waarom duisende eertydse kerkgeboue in Rusland tans as museums, teaters of graanskure gebruik word. Om dieselfde redes is priesters van tyd tot tyd wreed vervolg; hulle ratsoenkaarte is weggeneem en hulle kinders is onderwys ontsê. Duisende mense is tereggestel of het spoorloos in slawekampe verdwyn (Pistorius 1978:314).

Die Kommunistiese ideologie is volkome ‘diesseitig’. Vir die Kommunis bestaan daar geen Bo, geen ‘ends beyond history’, geen werklikhede of doeleindes anderkant hierdie tyd, hierdie lewe, hierdie geskiedenis, hierdie werklikheid nie. Implisiet lê in hierdie basiese instelling alreeds opgesluit die absolute ontkenning van die hemel en sy bewoners, die absolute ontkenning van die erkenning, diens en aanbidding van sg. ‘gewaande’ realiteite. Die God wat die wêreld soos ‘n horlosie sou opgewen het, bestaan uit die staanspoor nie vir die Kommunisme nie - die wêreld het homself opgewen en loop nie af nie, maar gaan op eie stoom oneindig in die tyd voort (Cronje 1969:103).

Volgens Kommunisme kan daar in die vrye gemeenskap geen plek vir godsdienstige aanbidding wees nie. Godsdiens moet dus (volgens Engels) verbied word. Die Kommunistiese ideologie stel voor dat die volgende struktuur in gedagte gehou moet word:

- Die godsdiens is niks anders as 'n fantasierefleks van natuurlike en sosiale kragte nie.
- Ook die verbod op godsdiensbeoefening, die vervolging van die aanhangers daarvan én die geweldadige vernietiging van die godsdiens is 'n sosiale krag.
- Die geskiedenis toon aan dat die Christendom ‘'n godsdiens van onderdruktes en slawe was’ wat, om maar enigsins waarde te hê, vanaf die uiterlike werklikheid na die innerlike denkbeelde van God en 'n heerlike ewige hiernamaals gevlug het (Cronje 1969:103).

Die Kommunisme verwerp alle godsdiens met die argument dat die mens nie vry kan wees as daar 'n God is nie. Produksie is die Sowjetstaat se evangelie. Ter wille van produksie word die gesin vernietig. Weens die lae lone is die vroue verplig om te help verdien en is kinderarbeid aan die orde

van die dag. Om produksie te bevorder is enige middel, selfs slawerny toegelaat. Werlike slawerny is dan ook 'n erkende deel van die Kommunistiese ekonomie (Pistorius 1978:315-317).

Die ateï sme van die Kommunisme is sy besondere vloek. Die Materialisme van die Kommunisme is ook godsdiens, net afgodediens en dit is idoolvorming van die laagste soort (De Klerk et al. 1973:138). Mens- en stofverheerliking vervang Godsverheerliking. Die Kommunisme is dus heidens en humanisties. Hierdie twee kenmerke kom duidelik tot uiting in hul opvoedingsdoelstellings.

## 3.5 WESENSKENMERKE VAN 'N KOMMUNISTIESE OPVOEDING

### 3.5.1 INLEIDING

Stalin benadruk die belangrike plek wat onderwys in die gemeenskap inneem. Hy beweer dat Sosialisme alleen moontlik is indien 'n mens oor genoeg kennis beskik. Stalin beweer verder dat die enigste oplossing dié is wat deur studies gevorm is (De Witt 1961:xxxvii).

Die skool was dus die voedingsbron van die revolusie — 'n wêreldrevolusie, deur die Proletariaat teweeggebring, wat alleenlik beëindig kan word deur die bereiking van die ideale staat van Kommunisme (Shimoniak 1970:52).

Reeds in 1866 het Karel Marx, die vader van Kommunisme, beweer dat die toekoms van die werkersklas hoofsaaklik van die opvoeding en opleiding van die opkomende werkersgenerasie afhang (Pennar, Bakalo & Bereday 1971:33).

Daar is nou nie meer plek vir die enkeling nie maar wel vir die massa. 'n Kollektiewe staat, so glo die Kommunis, is immers in diens van die enkeling. Die Kommunistiese opvoeding het dus 'n moeilike taak. Dit het as taak nie net die aanbieding van kennis en opleiding aan sy jeug nie, maar ook die vorming van 'n Kommunistiese karakter. Hierdeur word die Kommunistiese leerstellings verstewig, aangesien die voorgeskrewe reëls, houdings en waardes nou uitgeleef word (De Witt 1961:5).

Die Kommunisme het gou besef dat sy toekomstige welslae veral deur die jeug bevorder kan word. Shimoniak (1970:53) verduidelik die situasie soos volg:

> *It is just on the growth of the communist consciousness, in the Soviet people, and above all, in the younger generation that our success in the further advancement along the road to communism will depend.*

Opvoeding word gesien as 'n instrument om die Kommunisme te dien. Die belangrikheid van die staat word telkens beklemtoon (Benton 1966:18). Die Kommunistiese Party is die sentrale mag wat onvoorwaardelike aanvaarding en lojaliteit vereis. Die Party beheer die onderwys en dié bou weer aan die ‘nuwe mens’ of te wel die ‘Soviet Man’ (Dunston 1978:43).

Die Kommuniste glo dat deur die vorming van 'n Marxistiese-Leninistiese wêreldbeskouing die jonger geslag 'n sosialistiese internasionalisme tot stand sal bring. Dit beteken die jeug gereed en bereid sal wees om die sosialistiese moederland te verdedig. Om genoemde ideale te verwesenlik, is dit die doel van die skool om die jeug so te onderrig dat elke kind binne en buite die klaskamer, die Kommunsitiese kollektivisme waardes algemeen sal openbaar (Dunston 1978:43).

Kommunisme het 'n duidelike stempel op die Russiese onderwysstelsel afgedruk. Die grondmotief volgens Van Schalkwyk (1978:160), sluit dié aspekte in wat onderliggend aan 'n gemeenskap se bepaalde geestelike, etiese, estetiese, juridiese, ekonomiese, sosiale, taalkundige en analitiese waardes is.

Die grondmotief van 'n gemeenskap beïnvloed die lewensbeskouing van elke individu wat deel van so 'n gemeenskap vorm. Die rol wat die grondmotief in dié verband speel, kring nog wyer uit. Stone (1974:151) beweer dat dit nie net die wêreldbeskouing van die gemeenskap bepaal nie, maar ook 'n ideologiese beleid afdwing. Verder beïnvloed die grondmotief die kultuur van die gemeenskap en dui die rigting van verdere ontwikkeling aan. Sodoende word spesifieke lewenswyses en kultuurpatrone neergelê.

### 3.5.2 OPVOEDINGSDOELSTELLING

Om die wesenskenmerke van 'n Kommunistiese opvoeding uit te lig moet daar in die eerste plek na die Kommunistiese opvoedingsdoel gekyk word. Die opvoedingsdoel hang weer ten nouste saam met die breëre lewensdoel wat die Kommunistiese ideologie beoog, naamlik 'n 'utopiese heilstaat' en alles wat daarmee saamgaan.

Die hoogste doel wat die Kommunisme nastreef, is 'n toestand waar in 'ware' of 'volle' Kommunisme uiteindelik tot sy reg sal kom. In navolging van hierdie utopiese ideaal soos deur Marx, Engels, Lenin en andere geformuleer en toegepas is, speel die opvoeding 'n uiters belangrike rol (Pretorius 1985:157).

Die klem op opvoeding blyk ook uit Lenin se beskrywing van 'ware Kommunisme' (Price 1977:220):

> *They should display initiative and enterprise, and set an example of training and discipline.*

Om 'n werkersutopie te verkry is geen God, godsdiens, geloof, wedergeboorte, bekering, berou en vergifnis nodig nie. Die mens wat die Kommunistiese beginsels uitleef, sal dit self bewerkstellig. Die opvoedingsdoel van die Kommunisme moet in hierdie lig gesien word.

So 'n ideale toestand waar daar vrede en harmonie sal heers en waar elkeen bevrediging volgens sy behoefte sal ontvang, verg noodwendig 'n ideale mens met nuwe insigte en opvattinge. So 'n persoon

word nie gebore nie maar moet deur die opvoeding 'gemaak' word. Die Amerikaanse opvoedkundige, Mulhern, stel die saak soos volg:

> *New minds, if not new men, were needed for the success of the Communist social experiment. An education revolution was needed for the success of social revolution. Men are not born Communist; they must be made Communists.* (Mulhern 1946:590.)

Vir die Kommunisme is die opvoeding 'n faktor en middel ter bevordering van die gemeenskap se materiële en kulturele ontwikkeling. Opvoeding is dus 'n vorm van aanpassing van die individu by die sosiale ontwikkeling. Daarom het die Kommunistiese opvoeding geen objektiewe, ewige ideale, doeleindes en take nie. Die opvoeding dikteer nie reëls en doeleindes aan die gemeenskap nie; die gemeenskap dikteer reëls en doeleindes aan die opvoeding. Omdat die gemeenskap 'n praktiese en reële entiteit is, is die doelstellings wat dit aan die opvoeding voorhou, konkreet, reëel en bereikbaar (Van der Merwe 1982:94).

Die doel met die opleiding en ontwikkeling van die voorskoolse jeug in die Sowjet-Unie, was om die kinders so vroeg moontlik in die gees van kollektivisme op te lei. Goeie dissipline, lojaliteit aan die staat en intellektuele sowel as fisiese ontwikkeling het veral baie aandag geniet (Van der Merwe 1982:94).

Volgens Sorochenko (Kline 1957:18), 'n Russiese opvoedkundige, is die doel van die Russiese opvoeding onder andere:

> *... the training of fighters, builders and atheists.*

Die onderwys is bogenoemde dié medium wat die Kommunisme gebruik om die sogenaamde *New* (*Soviet*) *Man* te vorm. Die skolestelsel bied die ideale fondament vir die uitbouing en vestiging van die Kommunistiese ideologie. Lenin het self verklaar dat die opvoeding of onderwys die magtigste wapen is om die gemeenskap na Kommunisme te lei:

> *... the Communist Party sets itself the aim ... of converting the school from a weapon fot the class domination of the bourgeoisie into a weapon for the destruction of this domination... . the school must become a weapon of the dictatorship of the proletaria ... of finally establishing Communism.* (Gaworek 1977:57.)

Basson (1981:45) wys daarop dat hierdie 'wapen' gebruik is om:

> *... feitlik die hele karakter en lewenswyse van 'n volk te verander, as't ware 'n algehele nasionale persoonlikheidsverandering teweeg te bring ... 'n nuwe kommunistiese moraliteit is in die harte van die menigtes ingeplant en 'n volk gekweek wat Marxisties dink, voel en leef.*

Die sukses waarmee hierdie wapen aangewend kan word, sal afhang van wie, op watter wyse en met watter doel die opvoeding beheer word.

### 3.5.3 DIE BEHEER VAN DIE OPVOEDING

Die onderwys, die opvoeding, die sosiale wetenskappe en die morele opvoeding is geheel en al deur die sentrale Kommunistiese party beheer. Die rol van die Kommunistiese Party en sy ‘politieke wapen’ word soos volg deur Basson (1981:45–49) saamgevat:

> *Die Party waak jaloers oor sy kosbare kinderbesit, beheer die totale onderwys, bepaal die beleid en gee in alle opsigte die toon aan ... die Party word terselfdertyd tot ideaal verhef. Hy word vir die kind die simbool van waarheid, goedheid en geregtigheid ... opvoeding is dan ook daarop gemik om 'n hoë agting vir die Party en sy leiers by die jeug in te skerp.*

Enigiets wat vreemd is en indruis teen die Kommunisme of wat aan Kapitalisme toegeskryf kan word, moet in die mens vernietig word (Ablin 1963:34). In dié verband het Lenin verklaar dat die skool polities gerig moes word, anders was die skool

> *... a lie and a hypocrisy* (De Witt 1961:120).

Lenin het ook toegevoeg dat die staat sou toesien dat die hele opvoedingstelsel 'n Kommunistiese inslag toon. Van die jeug is verwag om aan die beginsels van die Sosialisme wat die Kommunisme voed, te beantwoord. Verskeie voorbeelde wat hierdie saak versterk, word voorts genoem:

- Die Sowjetkode vir Kommunistiese moraliteite vereis dat geen sosialistiese eiendomme beskadig mag word nie, maar daar is niks moreel verkeerd om 'n kapitalistiese bank te beroof om die revolusie te dien nie.
- Ouers moet geëer maar terselfdertyd ook aan die staat oorgelewer word indien hulle hul skuldig maak aan 'n revolusie teen die staat.
- Onderwysers moet gehoorsaam word, maar 'n onderwyser moet ook aan die owerhede oorgelewer word indien hy hom skuldig maak aan godsdienstige aktiwiteite.
- Die gedagte aan oorlog moet uitgeroei word, hoewel oorloë vir die totstandkoming van die Kommunistiese staat en die bevryding van imperialisme geregverdig is.
- Goeie gesondheidstoestande moet gehandhaaf word, aangesien onhigiëniese toestande die lewe van die hele gemeenskap bedreig.
- Ouer mense moet gerespekteer word aangesien hulle reeds 'n produktiewe bydrae tot die Sosialisme gelewer het.
- Boeke mag nie verniel word nie want daardeur word 'n sosialistiese eiendom beskadig (Van der Merwe 1982:99).

Alle onderwys en gevorderde opleiding is aan staatsgesag onderwerp. Alle skole is op 'n gelyke basis saamgestel sodat die jeug na skool gelyke geleenthede het. Alle skole is universeel en vry en verleen

toegang aan elke individu. Geen beperkings word op kleur of nasionaliteit geplaas nie en geen geslagsvoorkeure word in die skole toegelaat nie (Deineko [S.a.]:25).

Om bogenoemde stellings beter te verstaan word daar nou gekyk na die inhoud van die Kommunistiese opvoeding.

### 3.5.4 INHOUD VAN DIE OPVOEDING

Die inhoud van die skoolopvoeding hou ten nouste verband met die praktyk. Dit moet gevolglik ook die Kommunisme dien. Verskeie 'morele' waardes word deur die Kommunistiese Party aan die skole voorgehou:

- Lojaliteit teenoor die Kommunisme.
- Liefde vir die sosialistiese vaderland.
- Liefde vir alle volkere met sosialisme.
- 'n Onbeperkte werksvermoë – die uitgangspunt bly immers: wie nie werk nie, sal nie kan eet nie.
- 'n Gees van kollektivisme en kameraadskaplike bystand – met die uitgangspunt dat alles aan almal behoort.[14]
- 'n Ongenaakbare houding jeens die vyande van die Kommunisme, wat die ewige waarheid is (Liegle 1970:118–119).

Die skoolprogram sluit hierdie doelstellings en beginsels in die kurrikulum in. Van nader beskou, dui die kurrikulum van die Sowjet-skole die eienskappe so aan:

- Die voorsiening van 'n stewige grondslag vir die wetenskappe.
- 'n Veralgemening van die Kommunistiese visie van die lewe of lewensbeskouing.
- Die voorsiening van arbeids- en beroepsopleiding[15] afhangende van die behoeftes, vermoë en wense van die gemeenskap.
- Die opheffing en verbetering van die morele, estetiese en fisiese kulturele opvoeding. (Zajda 1979:18–19).

---

[14] Die 'kollektiewe gees' is reeds teen 1920 as kenmerk van die Kommunistiese opvoeding beklemtoon (Shimoniak 1970:196; Redl 1964:149–150).

Teorie en parktyk word met mekaar verbind deur gewone skoolwerk te kombineer met 'praktiese' werk in werkswinkels, kollektiewe plase en fabrieke. Kinders moet onderrig word in:

> *... die werkswyses van die verskillende vertakkings van die nywerheid en landbou ... vaardighede soos die hantering van werksgereedskap en -materiaal* (Basson 1981:32).

Die skool moet dien as instituut waar die kind voorberei word om 'n belangrike bydrae tot die ontwikkeling van die gemeenskap te lewer. Daarom is daar fisiese takies in die kurrikulum ingesluit soos om die klas op te ruim. Hierdie faktore bou die samewerking of eenheidsgedagte verder uit (Jacoby 1974:73). Indoktrinasie (veral in die sekondêre skoolfase) van die jeug speel 'n belangrike rol en enige negatiewe of afbrekende gedagtes teenoor Kommunisme word sonder versuim uitgeskakel (Willis 1965:32). Juis hierom is daar geen plek vir godsdiens in die opvoeding nie (Connolly 1967:51–52) want godsdiens is 'n struikelblok ter bereiking van die utopiese ideaal (Price 1977:251-257).

Sosiale aanpassing as opvoedingsbeginsel, moet by die jeug tuisgebring word sodat hulle as 'kommunistiese wesens' kan groei. Sodoende sal ware Kommunisme van jongsaf by die jeug sterk inslag vind. Sosiale aanpassing, as 'n wesenskenmerk van die Kommunisme, sluit ander beginsels soos byvoorbeeld godsdienstige beginsels uit, omdat sodanige beginsels nie 'n bydrae tot 'ware Kommunisme' kan lewer nie. Dit alles impliseer dat die kommunistiese opvoeding, in ooreenstemming met die teorie van Marx, reeds van jongs af die kind as 'teelaarde' moet kry. Gevolglik word nie alleen die skoolkinders nie, maar ook jeugdiges, jeugorganisasies en selfs die gesin belas om die kommunistiese doelstellings te bevorder en te verwesenlik. In die kommunistiese stelsel is daar ten spyte van individuele verskille, nie plek vir iemand wat nie sosiaal kan aanpas en saam met die groepslede (Kommuniste) kan leef nie. Sonder Sosialisme kan die 'Nuwe Sowjet Mens' nie gedy nie (Pretorius 1985:172).

Seuns en dogters het gelyke moontlikhede op skool. Gewoonlik is 'n seun en dogter saam in die skool en op een bank geplaas, waar albei van één inkpot gebruik moes maak. Die gevolg is dat samewerking wat die kollektivisme voed, hier aangemoedig en ontwikkel is (Bereday, Brickman & Read 1960:160). Leerlinge wat nie in die groep kon aanpas en 'n bydrae daartoe maak nie, is as 'abnormaal' beskou.

Die 'direkteur van pedagogiese navorsing' in Rusland het in 1925 die volgende oor die kind en die groep gesê:

---

[15] Die arbeidbeginsel is reeds in 1917 deur die Kommunistiese Party as beginsel aanvaar in hulle sogenaamde 'Labour Schools' wat later bekend geword het as 'politegniese skole' (Zajda 1979:18–19).

> *Under our system ... a normal child is one who is succesful in grouplife. Any child who functions well in a group we classify as normal. All other children we classify and treat as abnormal.* (Price 1977:270.)

Die sukses wat behaal word, word aan die kinders se groepsgebondenheid toegeskryf en nie aan individuele prestasies nie. So word geen struweling oor speelgoed toegelaat nie. Alle kinders moet ewe gelukkig wees en gehou word (Bereday et al. 1960:160–161). Die rede hiervoor kom daarop neer dat groepsgebondenheid 'n steunpilaar is waarop Sosialisme berus.

Patriotisme is 'n verdere beginsel wat deur die skole ingeskerp is. Die ontwikkeling van patriotisme en lojale kommunistiese burgers is op verskeie maniere bevorder. Die rol van die radio, beeldradio, films, die pers, organisasies en publikasies bevestig dié aspek (Bereday & Lauwerys 1964:438). Liedere wat patriotisme aanmoedig, word gesing. Prente van leiers van die Kommunisme versier skole. Kinders word van die persoonlike lewe en dade van groot Kommunistiese leiers, byvoorbeeld Lenin, bewus gemaak. Uitstappies na museums, waar liefde en lojaliteit teenoor die Kommunisme beklemtoon word, word gereeld onderneem. Die Lenin-museum in Moskou word gereeld deur leerlinge besoek om genoemde doelwitte te verwesenlik (Bereday et al. 1960:161).

Basson (1981:25–26) wys daarop dat die patriotiese Kommunistiese opvoeding ten doel het om by die kind in te skerp:

> *... 'n trots op die sosialisme, wat vir die eerste keer werklik in hul land tot stand gekom en waarvan hul vorm van sosialisme die beste ter wêreld is ... 'n begeerte om hul land te dien; geloof en vertroue in die Kommunistiese strewe; en onderwerping van individuele belange aan die van hul land.*

Die inskerping van sodanige patriotisme gaan hand aan hand met streng dissipline:

> *The Soviet citizen must be educated in the framework of Soviet patriotism and be blindly obedient to the rules of the Party* (Shimoniak 1970:60).

### 3.5.5. DISSIPLINE EN DIE OPVOEDING

Dissipline is belangrik in die skoolprogram en dra ook baie by tot die uitbouing van die Kommunistiese beginsels. Die mees algemene toepassing van straf is die verwerping van 'n kind deur sy groep. Fisiese straf word feitlik nooit toegepas nie. Dit is die taak van die ouers om toe te sien dat hulle kinders se gedrag onbesproke is. Indien dit nie die geval is nie, verskyn sulke ouers voor die ouerkomitee. Slegs in die uiterste gevalle word 'n kind uit die skool geskors (National Education Association of the United States 1960:21).

In die skole is daar streng beheer en kontrole word gereeld uitgeoefen (Rudman 1964:9). Die kind se gehoorsaamheid aan onderwysers en reëls word beklemtoon. Die belangrikste manier waarop 'n

oortreder gestraf word, is deur druk van die openbare mening. Die aankweek van groepsgees is dan ook een van die skool se belangrikste take (Shimoniak 1970:98).

Die gelykheid van skole word beklemtoon deur die feit dat alle skole genommer word, en geen skool 'n spesifieke naam het nie, byvoorbeeld Kindergarten 31 in Leningrad (Levin 1959:10). Geen eie identiteit moet in die pad staan van die groter ideaal van die Party nie. Omdat almal gelykwaardig is, word geen intelligensietoetse afgeneem nie. Enige vorm van differensiasie word uitgeskakel (Moos 1963:43).

Reeds vanaf die vroegste kinderjare word kinders geleer dat daar geen ander gesagsbron as die Kommunistiese Party bestaan nie. Reeds vanaf so vroeg as drie jaar word die kinders geleer dat die Party die tussenganger tussen die lewe en die dood is (Shimoniak 1970:98). 'n Kind van vyf jaar besef alreeds dat daar geen beter skool as die Kommunistiese skool is nie. Hy besef teen hierdie tyd dat die Kommunistiese stelsel die enigste waarheid is en dat Kapitalisme uitgeroei moet word (Shimoniak 1970:99). Genoemde idees word deeglik ingeprent en as die enigste waarheid aanvaar.

As in aanmerking geneem word dat die kinders in die inrigtings onder streng beheer is en dus besonder baie aandag geniet, maak dit die indoktrinering van die Kommunistiese ideologie soveel doeltreffender. So het 'n voorskoolse inrigting in Leningrad op 'n tydstip 125 kinders opgelei met 'n personeel van 58 lede. Die ideaal was dat elke kind sy eie onderwyser moes hê om sodoende behoorlike onderrig in die beginsels van die Party te ontvang (American Association of School Administrators 1965:16).

Streng sedelikheidseise word aan die kommunistiese jeug gestel. Dit berus egter nie op persoonlike verantwoordelikheid nie maar op konformiteit aan ‘norme’ van die samelewing. So 'n konformiteit word deur die altyd-verteenwoordige toesig van die openbare mening op die jeug afgedwing. Wie 'n ander begrip van reg en verkeerd as die groep huldig, word genadeloos gekorrigeer. Die Kommunisme tree heftig en onverbiddelik teen elke potensiële hervormer op. Prinsipieel kan daar volgens die Kommunisme geen teëstem teen die Party, wat immers onfeilbaar is, wees nie. Die ‘normatiewe’ word deur die Kommunisme van bonatuurlike begronding losgemaak en aan 'n Idealistiese-georiënteerde opvatting van historiese determinisme verbind (Pistorius 1978:330).

Die skoolgaande jeug moet ten alle tye hulle skoolidentiteitskaarte byderhand hou. Dié kaarte bevat gedragskodes en reëls waarvolgens opgetree moet word. Indien die kind die kaartjie nie byderhand het nie, maak hy hom skuldig aan swak gedrag en word tugstappe teen hom geneem (De Witt 1961:122).

Leerlinge word aangemoedig om te presteer aangesien die presteerders se foto's in die voorportaal van die skool opgehang word (ten spyte van die feit dat almal as gelykwaardig geag is) (Bereday et al. 1960:191). Verder word ook die name van swak presteerders genoem en op die skool se

kennisgewingbord aangebring (De Witt 1961:126). Geskrifte van Lenin en Stalin, foto's, prente en skilderye, wat die Sowjet-Unie se geskiedenis uitbeeld, word ook aangebring.

Swak prestasie moet grootliks deur voorkoming uitgeskakel word. Die uitgangspunt is dat die korrekte antwoorde en feite in die handboeke aangegee word en dat die onderwysers vir goeie prestasies van die kinders verantwoordelik is. Verder is ouers daarvoor verantwoordelik om remediërende onderwys aan hul kinders te verskaf (Van der Merwe 1982:101).

### 3.5.6 DIE ROL VAN DIE ONDERWYSER IN DIE OPVOEDING

Dit is die taak van die onderwysers om welopgevoede burgers vir 'n Kommunistiese gemeenskap voor te berei. Reeds in 1918 het Lenin die rol van die onderwyser in die opvoeding as volg gesien:

> *... to link up teaching activities with the socialist organization of society* (Prokofyev 1970:17).

Daar is reeds daarop gewys dat onderwys en opvoeding deur Lenin as 'n politieke wapen beskou is in die stryd om Kommunisme gevestig te kry. Die onderwyser word beskou as die soldaat in hierdie stryd (Wallace 1974:83–110).

Hierdie rol en taak van die onderwyser is deur Lenin en ander leiers as so belangrik beskou dat daar daadwerklike pogings aangewend is om die status van die onderwysers te verhoog, deur hulle by die aktiwiteite van die Party in te skakel

> *... to interest them in the work of Communist [in] building a new society* (Prokofyev 1970:17).

Verder het Lenin die onderwyser se aansien verhef:

> *Our school teacher should be raised to a standard he has never achieved, and cannot achieve, in bourgeois society* (Prokofyev 1970:18).

Dit kan gedoen word as die onderwyser eerstens harder werk, tweedens strewe na 'n hoër kulturele vlak en derdens, wanneer sy materiële posisie verbeter word (Pretorius 1985:178).

Om hulle finansiële posisie te verbeter is onderwysers vir ouerontmoetings by skole en besoeke aan ouerhuise oortyd betaal. Verder is huise aan onderwysers in plattelandse gebiede verskaf, asook kostelose beligting en verwarming (Moos 1963: 88). Onderwysers wat verbonde is aan die opleiding van hoër inrigtings is baie goed beloon (Rosen 1971:109). 'n Onderwyser kan sy beloning vergroot deur elke vyf jaar in 'n voorgeskrewe eksamen baie goed te presteer. Die teenoorgestelde het egter ook gegeld. Indien 'n onderwyser swak vaar, kan hy uit die onderwysprofessie geskors word (National Education Association of the United States 1960:39).

Om die belangrikste taak, naamlik die uitbou van Kommunisme, ten uitvoer te kan bring, verg hoë kwalifikasies en vereistes. Daarom is die keuring en opleiding van onderwysers uiters streng. Elke onderwyser moet sowel 'n verpligte kursus in die Marxistiese-Leninistiese ideologie as 'n kursus in die bestudering van die Russiese taal deurloop (Prokofyev 1970:690). Die opleiding van onderwysers geskied dus in die gees van patriotisme en internasionalisme. So 'n opleiding sal die onderwyser in staat stel om uiteindelik 'n bydrae tot 'n algemene Kommunistiese wêreldgemeenskap te lewer (Pennar et al. 1971:141).

As erkenning van die belangrike rol wat die onderwyser in die opvoeding speel, word medaljes en eretoekennings vir voortreflike diens toegeken (Pretorius 1985:178). Daar is selfs 'n ‘Onderwysersdag’ ingestel, die eerste Sondag in Oktober, wat 'n nasionale vakansiedag is (Remennikov 1978:40).

Die rol van die onderwyser is egter nie net beperk tot die kind en skool nie. Hy word beskou as:

> *... the tool between the party and the community: it is his duty not only to educate young minds but also to influence all the people and explain the new ideas to society* (Shimoniak 1970:134).

Die Kommunistiese Party het, benewens die Russiese skole as opvoedingsinstellings, ook van sekere metodes en tegnieke gebruik gemaak om die Kommunistiese ideologie by kinders tuis te bring .

### 3.5.7 METODES EN TEGNIEKE VAN DIE KOMMUNISTIESE OPVOEDING

Die Partyprogram van die Kommunistiese Party dui die weg van die opvoedingstelsel aan. Van Wyk (1979:75–76) wys daarop dat indoktrinasie[16] en propagandistiese [17] metodes in die ontwikkelingsproses na wêreldkommunisme voorop staan. Die uiteindelike doel wat met indoktrinasie bereik wil word, is volgens Counts (1957:314), geleë in die

> *... ultimate victory of Communism throughout the world.*

---

[16]Basson (1970:53) wys daarop dat daar van positiewe, (dit wil sê, ‘ferme dog liefdevolle gesagsleiding) sowel as negatiewe, (dit wil sê, leiding ‘wat strydig is met die pedagogiese’), indoktrinasie sprake is in die opvoeding en dit wil blyk asof laasgenoemde interpretasie in die kommunistiese opvoeding sterker op die voorgrond tree.

[17] Propaganda is die voorhou van 'n gedeelte van die waarheid asof dit die volle waarheid is. Deur so 'n leuen met sekerheid oor en oor te konstateer, word mense geï ndoktrineer om dit te glo. Foute en misstande in die samelewing word so oordryf en ingevryf dat dit naderhand buite verhouding gesien word. Op sielkundige wyse word daar byvoorbeeld by 'n sekere groep 'n skuldgevoel dat dit 'n ander groep verontreg en uitbuit**,** gewek, terwyl dit by ‘n ander groep 'n gevoel van verontregting gekweek word (De Klerk et al. 1973:126).

Indoktrinering begin, volgens Counts (1957:292), reeds by die voorskoolse kind en dit duur tot ná die universiteitsopleiding. In die anti-godsdienstige opvoeding word die ware godsdiens en God belaglik voorgestel. In die besprekings van onderwerpe word kinders en jeugdiges daarop gewys dat die oorsprong van alles in die materiële geleë is. Handleidings vir 'n ateïstiese opvoeding word ook aan almal wat met die opvoeding gemoeid is, beskikbaar gestel (Remennikov 1978:33).

In die Sowjet-Unie het alle media die opvoeding en die onderwys positief aangevul en het die media 'n positiewe bydrae tot die werk wat in die klaskamer verrig word, gelewer (Grant 1979:29).

Een van die belangrikste programme in die Sowjet-Unie was die jeugorganisasies wat, behalwe die aanbiedings van ontspannings- en afleidingsgeleenthede, klem gelê het op die sosialiseringsproses deur ideologiese indoktrinasie en karaktervorming. Die aktiwiteite van dié bewegings het uit verskillende komponente bestaan, naamlik die aanhoor van indoktrinerende lesings, die vertoning van films en musiekvertonings (The World Bank 1978:28).

Handboeke het 'n vername rol vervul in die Sowjet-Unie se propagandamasjien. Die boeke bied Kommunistiese materiaal aan en onderwysers mag nie van alternatiewe materiaal gebruik maak nie (Jacoby 1974:186–188). Die inligting wat die boeke bevat, toon te alle tye dat die Sowjet-Unie die grootste, rykste en mees vooruitstrewende moondheid in die wêreld is (Willis 1965:80). Gegewens wat die Kommunisme skade kan berokken, soos byvoorbeeld die Nazi-Sowjet-Alliansie van 1939, word nie opgeteken nie (Kreusler 1976:193). 'n Marxistiese-Leninistiese wêreldbeskouing is die basiese grondbeginsel in elke boek. Alle middele en metodes is daarop gerig om 'n Kommunistiese atmosfeer te skep. Gevolglik word geen geregtigheid en vryheid, behalwe Sowjet-geregtigheid en vryheid, in die Sowjet-Unie toegelaat nie (Counts 1957:47). Hierdie breinspoelingsproses word voortdurend voortgesit en volgens die ontwikkeling van die jeug, aangepas (Shimoniak 1970:162–163).

Die skool, asook die jeug dien as instrument om die Kommunisme te bevorder. Volgens die Russiese Minister van Onderwys, Prokofyev (1970:53), beoog die jeugbewegings

> *... to encourage children and young people te develop their interests and gifts and at the same time to meet their needs and requirements.*

In 1968 was daar in Rusland reeds oor die ses duisend jeugbewegings, waarby duisende jeugdiges betrokke was (Pretorius 1985:174). Die bekendste van hierdie bewegings is die *Youth League*[18] wat reeds in 1918 vir kinders bo veertien jaar gestig is as 'n:

> *... mass organisation of progressive youth ... and it is also the lieutenant and reverse face of the Party. The League shall assist the Party to*

[18] Selfs in Suid-Afrika is een van die jeugbewegings van die ANC die 'Youth League'.

> *educate the youth in the spirit of communism, so that they become a young generation with a deep love for their motherland, being loyal to the people, educated, disciplined, brave, industrious, lively, and ready to face any hardship.* (Price 1977:296.)

Verder was daar ook die Jong Pioniers vir kinders tussen die ouderdomme tien en veertien jaar. Hulle word voorberei om ‘pioniers’ in die nuwe bedeling te wees en om later by die jeugbeweging aan te sluit. Vir dieselfde doel is daar vir die kleiner kinders, die ’Klein Oktobriste’ gestig (Pretorius 1985:174).

Die einddoel van Kommunisme is die verkryging van wêreldheerskappy. Om dit te bereik moet mag verkry, revolusie bewerk en die bestaande orde met Kommunisme vervang word (De Klerk et al. 1973:125). Om hierdie doelstellings te bereik begin die Kommunisme reeds by die jeug (onderwys).

### 3.5.8 KRITIESE EVALUERING VAN KOMMUNISME

Die Kommunisme staan skuldig aan onder andere die volgende dwalinge met betrekking tot sy waardes, wat in stryd is met die algemeen geldende norme wat op alle mense betrekking behoort te hê:

- Die grondgedagte van Kommunisme berus grotendeels op spekulasie: die geloof in ‘n komende werkersutopie; die hoop op ‘n wegkwynende staat; die toekomsverwagting van die alvermoënde ‘nuwe mens’ wat Kommunisme sal voortbring; die dogmatiese aanvaarding van die onfeilbaarheid van die Kommunistiese Party; die toepaslikheid van natuurwetmatighede op die menslike samelewing en geskiedenis asook die onbetwiste aanname van ‘n ekonomiese dialektiek (kyk afdeling 3.4.1). Volgens die Christelike siening kan ‘n opvoeding en opvoedkunde wat rus op so ‘n spekulatiewe ideologie, niks anders as ‘n valse opvoeding wees nie. Ook word die essensiële pedagogiese doelstruktuur lewensopvatlike-verantwoorde lewenswyse nie hierin verreken nie (kyk Addendum A).

- Opvoeding, word volgens die Kommunisme, bepaal deur ‘n lewensproses (kyk afdeling 3.5.2). Die beswaar hierteen is dat opvoeding nie net maar ‘n deel van die algemene sosiale ontwikkelings- en lewensproses nie – die lewe word juis deur opvoeding gerig. Hierdie siening is onder meer in teenstryd met die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-kindwees en agting-vir-andersheid (kyk Addendum A).

- Materie is nie die enigste werklikheid nie (kyk afdeling 3.4.2). Die nie-materiële (lewe, siel, bewussyn, gees) bestaan ook. Bo alles bestaan God, die Skepper van die materie. Benewens die bloot materiële en die bloot geestelike dinge, is daar ook dié dinge wat geestelik-beheersde materie is, naamlik die kultuurvoorwerpe waar onder ook die ekonomiese goedere val. Die materialisme van die Kommunisme (wat die ekonomiese bloot as stoflike en die hele

kultuur as bloot natuur sien) is dus 'n gebrekkige lewens- en wêreldbeskouing wat die essensiële pedagogiese doelstruktuur lewensopvatlik-verantwoorde lewenswyse negeer (kyk Addendum A).

- Om ekonomiese wette as fundamenteel te beskou (kyk afdeling 3.4.2), is 'n dwaling. Ekonomiese gebeure is geen determinerende natuurnoodwendigheid nie, maar menslike dade en daarom aan norme onderworpe. Norme waarvolgens die mens roepingsgetrou ekonomiese kultuur moet vorm. God roep die mens tot onderwerping en beheersing van die natuur – dit beteken dat die ekonomie deur die mens beheer word en dat die mens nie ekonomiesgedetermineerd is nie. Die essensiële pedagogiese doelstruktuur menswaardige lewenswyse word onder meer negeer (kyk Addendum A).

- Die waardering van die hele menslike geskiedenis as 'n verhaal van klassestryd (kyk afdeling 3.4.3), is 'n leuen. Talle oorloë is al uit godsdienstige, nasionale en ander oorwegings gevoer. Dikwels staan verskillende 'klasse' ook saam om dit wat nasionaal is, te verdedig. Volgens van Wyk (1976b:29) is die Marxistiese klasseteorie 'n opsetlike vervalsing, uit voeling met die werklikheid, windskewe propaganda, fantasie en fiksie en 'n ideologie met 'n valse antitese. Volgens die Christelike siening is die stryd op aarde nie tussen klasse nie maar tussen God en Satan. Die Christelike siening vereis opvoeding tot gehoorsaamheid aan die Goddelike eis van naasteliefde en hervorming van die ekonomie tot 'n sisteem waar elke individu 'n menswaardige bestaan kan voer.

- Die droom van kollektiewe besit (kyk afdeling 3.4.4) van die Kommunisme is nie haalbaar nie. Alles is wel gekollektiveer, maar dit is nie so dat alles nou aan almal behoort nie, inteendeel: die staat besit alles, die volk niks. In plaas van vrye kollektiewe besit, heers gedwonge armoede en besitloosheid (Van Wyk 1976b:30 ).

- Om die Proletariaat as die enigste menslike verband wat bestaansreg het te sien (kyk afdeling 3.4.5), is 'n verabsolutering van die ekonomiese kring van produsente. Kerk, volk, staat en gesin is gelykwaardig daaraan en daarmee sowel as onderling vervleg. Die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-andersheid word onder meer negeer (kyk Addendum A).

- Volgens Rom 13:1–7 is onderwerping aan die owerheid 'n Goddelike eis. Die staat is dienaar van God en in soverre die staat God dien, kan hy as Goddelike gesagsdraer gehoorsaamheid eis. Oorskry die staat sy grense, is die gelowige vry om na die wil van God te handel en geroep tot heilige ongehoorsaamheid. Opvoeding en onderwys is baie meer as toerusting in diens van die staat (kyk afdeling 3.4.8). Hier het ons te doen met 'n growwe grensoorskryding en met verkragting van die beginsel van soewereiniteit in eie kring. Ook is dié siening teenstrydig met onder meer die essensiële pedagogiese doelstrukture sinvolheid van

lewenswyse, selfbeoordeling en selfbegryping van lewenswyse en menswaardige lewenswyse (kyk Addendum A).

- Die Kommunistiese werkersutopie (kyk afdeling 3.4.6) is ‘n produk van die verbeelding. Volgens die Christelike siening sal die mens selfs in ‘n ekonomiese hemel baklei indien dit geskied sonder wedergeboorte, bekering en verlossing in Christus. Slegs die verlossing deur Christus hou ‘n waaragtige belofte van ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde in.

- Die christelike sedelikheid word verwerp as ‘bourgeois-sedelikheid’ omdat dit dan net in belang van een klas sou wees, maar dan kondig Lenin ‘n sedelikheid af wat net in belang van die Proletariaat is (kyk afdeling 3.4.5). Die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-andersheid word negeer (kyk Addendum A).

- Kommunisme sien die mens net as verbandwese en kyk die individu mis – vandaar die onbarmhartigheid, onverdraagsaamheid en onmenslikheid van hierdie ideologie. Om opvoeding slegs in diens van die groep te stel is eensydig (kyk afdeling 3.4.7). Individualisering bly ‘n onontwykbare pedagogiese en didaktiese eis. Die Kommunisme degradeer die mens tot fabrieksonderdeel. Weer eens word die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-andersheid negeer (kyk Addendum A).

- Die doel van die Kommunistiese opvoeding is humanisties, realisties en sosialisties (kyk afdeling 3.5.2). Die essensiële pedagogiese doelstruktuur sinvolheid van lewenswyse word negeer (kyk Addendum A).

- Die basiese kenmerke van ‘n opvoedingshandeling is onder andere die dialoogkarakter daarvan, die leiding tot vrywillige aanvaarding van norme (kyk Addendum A). Die kommunistiese opvoedingsmetodiek word daarenteen gekenmerk deur ‘n eenrigting verkeer (van opvoeder na opvoedeling) en dwang tot aanvaarding van kommunistiese waardes (kyk afdeling 3.5.2).

Voorts word aandag gevestig op ‘n beweging genaamd People’s Education in Suid-Afrika.

## 3.6 PEOPLE'S EDUCATION AS 'N BEWEGING MET ENKELE MARXISTIES–SOSIALISTIESE KENMERKE

### 3.6.1 BEGRIPSVERKLARINGE

#### 3.6.1.1 'N OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP ‘PEOPLE’

*People* is 'n woord wat van die vroegste tye af in die Westerse wêreld in verskillende konnotasies gebruik is. Volgens Laclau (1977:165) is die woord nog nooit op 'n heldere en ondubbelsinnige wyse omskryf nie. Die rede vir hierdie onvermoë om 'n bruikbare, allesomvattende definisie vir die woord ‘people’ te vind, is moontlik daarin geleë dat dié begrip 'n dikwels veranderende en of of uiteenlopende groepering individue en of groepe omvat en dat dit plek- en tydgebonde is (McKay 1990:242).

Volgens die Readers Digest Afrikaans-Engels Woordeboek (1994, s.v. ‘people’) dui die woord ‘people’ op mense, persone, familie, volk en nasie. Maar volgens HAT (1994, s.v. ‘volk’) het elk van laasgenoemde begrippe weer 'n betekenis op sy eie. HAT (1994, s.v.’volk’ en ‘nasie’) onderskei egter tussen volk en nasie soos volg: 'n volk is 'n kulturele eenhied terwyl 'n nasie 'n politieke eenheid is. Volgens Van der Walt et al. (1987:17) word die woord ‘people’ meestal gebruik wanneer daar na die Proletariaat verwys word. Dit word ook soms gebruik om alle mense aan te dui, ongeag ras. Van den Bos (1986:14) beaam laasgenoemde stelling deur te sê dat die ‘people’ nie deur ras of kleur geskei of verenig word nie, maar deur die wyse waarop hulle rassediskriminasie in die onderwys beleef en verwerk.

Dit is egter belangrik om te let op die definisie wat die woord ‘people’ in die loop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis aangeneem het. Die African National Congress (ANC) het in die Freedom Charter[19] die woord ‘people’ aangedui as ‘black and white together — equals, countrymen and brothers’ wat teen ‘a form of government founded on injustice and inequality’ sal veg, totdat bevryding van die regering bewerkstellig is (Booyse 1992:326).

'n Ander betekenis is gedurende die laat vyftigerjare aan die begrip ‘people’ geheg toe die Pan African Congress (PAC)[20] van die Charteriste[21] weggebreek het. Uit die doelstellings van die PAC kan afgelei word dat slegs Swartmense as die ‘people’ beskou is (Booyse 1992:326).

---

[19] Hierdie dokument het die aspirasies van alle Suid-Afrikaanse rasse ingesluit wat hulle vereenselwig het met die ‘struggle’ vir 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese Suid-Afrika. As na die woord ‘demokratiese’ gekyk word verwys dit terug ‘rule by the people’.

[20] Die PAC het Blanke oorheersing beveg.

Die Swartbewussynsbeweging[22] wat gedurende die laat sestigerjare ontstaan het, was van mening dat alle anderskleuriges die 'people' vorm. Hoewel die Blankes aanvanklik deur middel van die Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente (NUSAS) 'n aandeel aan die bedrywighede van die 'people' gehad het, is hulle met die stigting van South Africa Students Organisation (SASO) in 1968 van die 'people' uitgesluit (Booyse 1992:326).

Die United Democratic Front (UDF)[23] verklaar 'people' as volg:

> *We use the term [the people] to distinguish between two major camps [this word comes from the military term 'camp', meaning a collection of people fighting for a particular case] in our society: the enemy camp and the people's camp. The people's camp is made up of the overwhelming majority of South Africans — the black working class, the rural masses, the black petit-bourgeoisie (traders), and black middle strata (clerks, teachers, nurses, intellectuals). The people's camp also includes several thousand whites who stand shoulder to shoulder with the majority*. (Mkatshwa 1987:4.)

Deur die woord *people* dus bloot as mense te vertaal, sou iets van die ideologie daaragter verlore laat gaan, aldus De Waal (1989:512).

### 3.6.1.2 'N OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP 'EDUCATION'

Hoewel Kallaway (1990:238) beweer dat dit nie moontlik of wenslik is om tussen (people's) education as 'n 'strategy to achieve liberation' en as 'n 'system to be implemented in post-apartheid society' te onderskei nie, is dit volgens McKenzie (1986:66) van kardinale belang om 'education' enersyds as 'n proses of 'n strategie en andersyds as 'n doelstelling te sien.

---

[21] Die Charteriste was sterk aanhangers van die Freedom Charter. Die Freedom Charter het die aspirasies van alle Suid-Afrikaanse rasse ingesluit wat hulle vereenselwig het met die 'struggle' vir 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese Suid-Afrika.

[22] Hierdie beweing was die ontstaanplek van verskeie organisasies wat as geleibuise van Swart strewes kon dien (Dercksen 1985:142).

[23] United Democratic Front: Gestig in 1983; 'n buite-parlementêre sambreelorganisasie; 'n Charteristiese organisasie. Verskeie studente- en jeugorganisasies is geaffilieerdes van die UDF, en hulle speel 'n rol in die toenemende eise om verandering in die onderwys. Dit sluit organisasies in soos *die Congress of South African Students* (COSAS), *Azanian Students' Organisation* (AZASO), *South African National Students Congress* (SANSCO), *National Union of South African Students* (NUSAS), *National Education of South Africa* (NEUSA), *South African Youth Congress* (SAYCO) en *National Education Crisis Committee* (NECC).

3.6.1.3 WAT WORD VERSTAAN ONDER DIE TERM PEOPLE'S EDUCATION?

Sedert sy ontstaan het die ANC teen die politieke bedeling wat vir die Swartmense in Suid-Afrika gegeld het geprotesteer. In sy stryd teen die bestaande regering en politieke bestel het hy deur die loop van die jare tot vandag toe verskillende taktieke en strategieë beproef.

Gedurende 1985 het die *Soweto Parent's Crisis Committee* die konsep *People's Education* geï nisieer. In hierdie verband sê Van den Berg (1987:114):

> *People's Education was the phrase coined at the National Consultative Conference called by the Soweto Parents' Crisis Committee late in 1985.*

Verder maak Nyaka (in Van den Berg 1987:114) die stelling dat

> *People's Education is not only a mobilizing force for real change in education but that it is also a movement wich hopes to be able to create a form of political power for the disenfranchised people of this country.*

Gerwel (1987:4) beklemtoon die noodwendigheid en belangrikheid van People's Education wanneer hy sê:

> *People's Education has been conceived and developed out of the crucible of struggle and it gets its full meaning and significance if it is read and understood in its full social, political context of People's Education for People's Power. The whole concept and meaning of People's Education can only be realised within that complete phrase.*

Van den Boss (1986:78) het People's Education as die eerste lewensvatbare alternatief vir Swart onderwys en as 'n soort onderwys wat lei tot ‘ a positive sense of self which motivates one to be of service to one's community’ beskou.

In teenstelling hiermee het Schreiner (Natal Witness 1987:2) tydens 'n studentesaamtrek in April 1987, gesê dat People's Education sterk steun op 'n ideologie waarvolgens die individu geheel en al ondergeskik gestel word aan die gemeenskap.

Ook Ashley (Eastern Province Herald 1987:5) het byvoorbeeld by geleentheid opgemerk dat die politieke doelstellings en belange van People's Education gesonde opvoedingsdoelstellings en -belange oorskadu. Volgens hom strook die beginsels waarop People's Education berus nie met 'n Westerse, kompeterende ingesteldheid nie. Dit is 'n ope vraag of die sosialistiese ideale wat deur dié beweging gepropageer word, in die praktyk toegepas kan word sonder om die voordele, voortspruitend uit die bestaande sosio-ekonomiese bestel, prys te gee.

Verder het Van der Ross (Booyse 1992:324), by die jaarlikse kongres van die Vrystaatse Onderwysunie wat gedurende Julie 1988 in Bloemfontein gehou is, die heilsaamheid van 'n People's Education-stelsel bevraagteken. Hy het beweer dat People's Education aspekte omvat wat

opvoedkundig onverantwoordbaar is. Ter illustrasie het hy gesê dat dit gebore is uit politieke verset en dat dit vanweë 'n sterk politieke karakter daarvan maklik kan ontaard in 'n onaanvaarbare vorm van nasionalisme.

Tot aan die begin van 1987 was People's Education nog geen volledig uitgewerkte opvoedingsteorie nie. Dit het bestaan uit 'n aantal programmatiese en *ad hoc*-uitsprake oor opvoeding en onderwys. Slegs mense soos politici, joernaliste en predikante het 'n aantal uitsprake met 'n opvoedkundige strekking gemaak. In die volgende paragrawe word gepoog om hierdie uitsprake saam te vat in 'n min of meer volledige en sistematiese opvoedingsfilosofie.

Dis belangrik om uit die staanspoor daarvan kennis te neem dat People's Education nie as 'n volledige opvoedingsfilosofie of -teorie beskou kan word nie, aangesien dit hoofsaaklik op die onderwys, onder andere die skoolonderwys, gefokus is. Dis dus eerder 'n 'onderwysteorie' as 'n volledige opvoedingsteorie.

Voorts word 'n baie bondige oorsig van 'People's Education' (voortaan PE) gegee.

### 3.6.2 DIE TAAL WAARIN PEOPLE'S EDUCATION INGEBED LÊ

Die voorstanders van PE maak gebruik van 'n vorm van 'Black English' waarmee alle aktivistiese of progressivistiese individue en organisasies saamgesnoer word. Om die opvoedingsfilosofie agter die PE te begryp, moet 'n mens kennis van alternatiewe 'Swart Engels' besit. Enkele alternatiewe woorde wat gebruik word, is: *the people* (die Proletariaat), *Bantustans* (die nasionale state); *Azanië* (South Africa): *so-called* (Kleurlinge); *gutter education* (Swartonderwys') en *Blacks* (alle onderdruktes). Sekere woorde soos klas, ras, etnisiteit, volk en kultuur word gewoon verwerp en geïgnoreer asof hulle nie bestaan nie. Die woord 'Republiek' (van Suid-Afrika) word nooit gebruik nie.

Reeds in 1955 het die ANC in die *Freedom Charter* die woord *people* aangedui as 'black and white together' wat teen 'a form of government founded on injuistice and inequality' sal veg, totdat bevryding van dié regering bewerkstellig is. Die ANC-siening van die 'people' was dus in 1943 en 1955 dat dié begrip dui op al die inwoners van Suid-Afrika wat die (destyds) heersende staatsbestel teenstaan en wat om daardie rede by die bevrydingstryd betrokke is (Booyse 1992:326).

Op 26 Junie 1955 is 'n vergadering ('n sogenaamde *Congress of the People* en bestaande uit alle rassegroepe) te Kliptown, naby Johannesburg gehou om die *Freedom Charter* vir bekragtiging aan afgevaardiges van die *Congress Alliance* voor te lê. Hoewel dié handves deur die teenwoordiges aanvaar is, kon die ANC nie daarin slaag om dit by sy jaarlikse Nasionale Konferensie gedurende Desember 1955 binne eie geledere aanvaar te kry nie. 'n Vete het tussen die voorstanders van die *Freedom Charter* (die sogenaamde Charteriste) en diegene wat Blanke oorheersing beveg het

(Afrikaniste) ontstaan. Laasgenoemde groep was ontevrede omdat die *Freedom Charter* nie verwysings na konsepte soos byvoorbeeld ‘Afrika-bevryding’, ‘pan-Afrikanisme’[24] en ‘inter-Afrika-samewerking’ bevat het nie. Teen 1959 het dié twis só in intensiteit toegeneem dat die Afrikaniste van die ANC weggebreek en die Pan Africanist Congress (PAC) gestig het (Scholtz 1983:116). Uit die doelstellings van die PAC kan afgelei word dat slegs Swartmense as die *people* beskou is (Booyse 1992:114).

Met hierdie taal word bepaalde etikette aan dinge geheg sodat selfs eenvoudige Swartmense kon verstaan waarteen die verset gekom het. Die gebruik van etikette vorm deel van 'n fyn strategie waardeur ook die massas by die stryd betrek kan word. Hierdie taalgebruik en terminologie toon egter dat PE inderdaad op die grondslag van die Marxisme-Sosialisme staan.

### 3.6.3 DIE WESE VAN PEOPLE'S EDUCATION

People's Education*:*

- Is 'n vorm van onderwys wat (moet) voldoen aan die behoeftes van die ‘Swart’ (d.i. alle ‘onderdruktes’) gemeenskap, en wat uit die perspektief van die ‘Swartes’ aangebied moet word (What is People’s education 1988:6).
- Is 'n vorm van onderwys wat gemeenskapsbetrokkendheid vereis. Dit veronderstel gemeenskapsdeelname en -samewerking. 'n Hoë premie word op wedersydse raadpleging tussen byvoorbeeld die skool en sy omliggende gemeenskap geplaas. Besluite oor die onderwys moet dus nie van bo (outokraties) deur die departement afgedwing word nie, maar deur raad- en oorlegpleging van onder, demokraties, deur die ‘people’ geneem word (Alternative, Popular and People's Education 1989:5).
- Is 'n instrument vir politieke en maatskaplike verandering. Dit is 'n alternatiewe struktuur wat naas die bestaande onderwysstruktuur funksioneer en wat 'n revolusionêre strategie moes laat plaasvind (What is People’s education 1988:7).
- Is 'n negatiewe, antitetiese, afwysende opvoedingsfilosofie, wat gerieflik in negatiewe terme omskryf kan word: dit staan teenoor apartheid en apartheidsonderwys, teenoor mense wat die bevrydingstryd probeer ontduik, teenoor die klassesisteem wat volgens die Marxisme deel

[24] Pan-Afrikanisme word onder meer beskryf as ‘ 'n ideologie wat die morele en geestelike eenheid van die Swartman van Afrika propageer, asook die reg tot politieke selfdeterminasie van die mense in Afrika, en van die reg van die mense van Afrika om met dieselfde waardigheid as elders in die wêreld behandel te word’ (Kotzé & Van Wyk 1980:132).

van die Kapitalisme vorm, en dus ook teenoor die Kapitalisme. Positief beskou is PE 'onderwys in posisie', wat mense wil help om hulle plek in 'n post-apartheidsamelewing vol te staan (Van der Walt 1988).

- Is 'n vorm van alternatiewe onderwys, wat 'n deel vorm van die revolusionêre strategie om buite-statutêre strukture naas die bestaande strukture te plaas en mettertyd laasgenoemde te probeer vervang. Deur die alternatiewe struktuur word die grense van die *status quo* verander en selfs vernietig (Van der Walt et al. 1987).
- Is 'n gedaante van die Marxistiese Sosialisme, en handhaaf gevolglik die gedagtes van kollektivisme, kommunisme, verabsolutering van die sosiale eienskappe van die werklikheid en die mens, historiese of Dialektiese Materialisme, ekonomiese determinisme en van die klassestryd (Dostal 1989:75).
- Moet gesien word teen die agtergrond van die bewering dat apartheidsonderwys ook gepolitiseer is, asook teen die mate van politieke bewuswording wat daar die afgelope dekade in die swart gemeenskap ingetree het. Die breë politieke stryd vorm die konteks van die onderwysstryd (Walters & Kruss 1988:19).
- Is 'n proses. PE vorm deel van die bevrydingsproses en dit ontwikkel in die dinamika van menseverhoudinge. PE is nie 'n vaste leerstelling of onderwysbeskouing nie, maar die proses waardeur mag van die oorheersende groep na die 'people' verskuif word. PE is ook 'n proses waardeur die 'people' bewus gemaak word van hulle omstandighede en van die metodes om hulle eie omstandighede te begin beheer. PE ontwikkel algaande soos mense kennis en insig bekom. PE is 'n proses waarin die hele gemeenskap saamwerk. PE verloop in fases wat na gelang van omstandighede bepaal word (Walters & Kruss 1988:19).
- Is 'n onderwysstelsel in wese, aangesien dit 'n standpunt of sienswyse oor bykans elke faset van 'n onderwysstelsel bevat (Walters & Kruss 1988:19).

### 3.6.4 DIE DOEL VAN PEOPLE'S EDUCATION

Vanuit die staanspoor is PE gerig op verset teen die staat en die bestaande samelewing (Grove 1992:165). Net soos die De Lange-verslag deur bepaalde riglyne en beginsels gerig was, is daar deur die eksponente van PE daadwerklik pogings aangewend om gestalte aan PE te gee. Riglyne in hierdie verband soos in die besprekingsdokument uiteengesit, is deur studente-organisasies en verskeie progressiewe onderwys-organisasies onder die sogenaamde *Education Charter Campaign* neergelê. Die volgende doelwitte word deur PE nagestreef:

- Die humansisering, die emansipasie van geestelike verslawing, die oorwinning van elke vorm van vervreemding, die erkenning dat alle mense gelyk is. Daarom het dit die verdringing van die apartheidstelsel ten doel. PE stel hom ten doel om die leerlinge die tekortkominge van

die stelsel te laat raaksien en om by hulle die begeerte en ywer te laat ontstaan om dit omver te werp (Walters & Kruss 1988:23).

- Die ontstaan van getransformeerde samelewing om die 'people' 'n rol in die transformasieproses te laat speel soos blyk uit die besprekingsdokument getiteld *The generation of policy for People's Education* ([S.a.]:3):

  *From the People's Education point of view, the transformation of education must occur within a wider transformation of every aspect of national life.*

- Die nuwe samelewing Sosialisties te maak sodat dit op die strukture van die 'people's power' wat die kern van die werkersklas se mag is, berus (Dostal 1989:77). Dit sal dan ook die taak van die onderwysers wees om nuwe waardes aan die leerlinge bekend te stel en nuwe ingesteldhede by hulle te kweek (Walters & Kruss 1988:19).

- Die kapitalistiese stelsel in Suid-Afrika te vervang met 'n sosialistiese stelsel; kapitalistiese norme soos wedywering, elitisme en individualisme uit te skakel, om na kollektivisme en samewerking oor te skakel. Uitbuiting en onderdrukking van werkers moet beëindig word (Dostal 1989:77). Gardiner (in Van der Walt et al.1987:103) beweer dat PE gekant is teen die kweking van individuele wedywering, wat ten koste van die hele groep plaaasvind. Hierdeur word die gedagte van sosialisme sterk onderstreep.
- Almal aan aktiewe, kritiese analise en denke te laat deelneem sodat elke persoon sy eie verwysingsraamwerk kan opbou, sin aan sy lewe kan gee en selfbepalende magte kan genereer (Mkatshwa 1987:121). Vakkurrikula en onderrigstrategieë, vanuit en ter bevordering van 'n bepaalde politieke ideologie, moet daarop gemik wees om kritiese en kreatiewe denke te stimuleer (Walters & Kruss 1988:19).
- Om mense bewus ('aware') te maak (die woord wat hiervoor gebruik word, is 'conscientize') van die onreg van die huidige stelsel, en van die voordele van die nuwe sosialistiese bedeling waarna gestreef word (Grove 1992:158). Ter verdediging van die ou onderwystelsel, voer Steyn (1986:113) aan dat die kern van die probleem van 'n nuwe onderwysstelsel — hoe voortreflik ookal — daarin geleë is dat dit nie vir ander bevolkingsgroepe onmiddellik 'n beeld van sukses en dramatiese vordering projekteer nie. Uiteraard is hierdie 'n gedagte wat sterk figureer in PE, aldus Grove (1992:166).
- Die ontstaan van 'n vrye, gelyke, demokratiese, nie-rassige nasie in Suid-Afrika, waarin alle mense eenderse, gelyke onderwys sal ontvang en waaruit elke spoor van diskriminasie verdwyn het (Grove 1992:158). Deur PE moet die opvoedeling krities bewus gemaak word van die sosiale verkeerdhede en op hierdie manier sal politieke inskerping makliker en gouer plaasvind (Grove 1992:171). In reaksie hierop noem Bott (1972:278) dat dit by implikasie doelgerigte en doelbewuste manipulering en indoktrinering inhou.
- Om as politieke instrument in die bevrydingstryd van alle onderdruktes gebruik te word (Grove 1992:169). PE gaan uit van die standpunt dat onderwys en politiek nie geskei kan word nie en

dat die stryd ten behoewe van 'n alternatiewe onderwysstelsel daarom nie van die stryd om 'n nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika geskei kan word nie (Van der Walt 1988). People's Education for People's Power dui gevolglik tegelykertyd op 'n politieke en onderwysstrategie (Booyse 1992:387). Deur middel van PE word mense in belang van die politieke doelstellings gemobiliseer en georganiseer (Walters & Kruss 1988:19). Die onderwysaspekte van PE word grootliks deur die politieke, revolusionêre en propagandistiese aspekte daarvan versluier (Van der Walt 1988:6).

- Om 'n dialogiese en raadplegende verhouding tussen ouer, leerling en onderwyser op te bou. Geen onderwys of opvoeding kan in 'n outoritêre, oorheersende en verdrukkende omgewing plaasvind nie (Walters & Kruss 1988:15).
- Om 'n proses van lewenslange onderwys, ter wille van die ontwikkeling van die ‘people’, en van volgehoue verandering en die hantering van sodanige verandering te weeg te bring (Grove 1992:178). Vir die suksesvolle implementering van PE word daar heelwat aandag aan gemeenskapsonderwys geskenk:

> *The call is also for control over the education system as part of empowering students and the community ... By stressing parental and community involvement in education, the idea was promoted that education is not solely an activity which takes place in schools but one which affects all people in all spheres of life.* (Walters & Kruss 1988:15.)

- Om aanvaarding van verskille tussen mense te kweek en almal tot burgers van een land, met 'n nie-rassige samelewing, te laat ontwikkel (Grove 1992:178–179),
- Om 'n bevrydingsideologie voort te dra (Van Niekerk 1986:200).

Die ‘crowning objective’ van PE is die skepping van 'n nuwe situasie waarin wit en swart as broers en gelykes saamlewe (Grove 1992:179).

### 3.6.5 DIE INHOUD VAN PEOPLE'S EDUCATION

Nadruk word daarop gelê dat die mense (‘people’) op streeksgrondslag mag moet hê oor om self oor die inhoud van die kurrikulum te besluit (Weekly Mail 1986:5). Die inhoud moet uit die perspektief van die onderdruktes aangebied word, gemeenskapsgerig wees en met die bevrydingstryd te doen hê (Walters & Kruss 1988:25).

Die akademie se vakke sal bestaan uit:

- Wiskunde.
- Wetenskap.
- Geskiedenis.

- Politieke studies of wat deur 'n woordvoerder van *Transvaal Student Congress* (TRASCO), ‘the siensce of living’ genoem word (Nkondo 1986:21).
- Godsdiensonderrig (op grondslag van die bevrydingsteologie).
- Gemeenskapsontwikkeling.
- Rekeningkunde (sonder kapitalistiese oogmerke).
- Aardrykskunde (maar nie koloniale geografie nie) (Weekly Mail 1986:5).
- Ekonomie (Sunday Times 1986:5).
- Tale soos Afrikaans en Engels (Cape Times 1986:7).

Die praktiese vakke is onder meer Leer-, Metaal-, Weef- en Naaldwerk (Nkondo 1986:21), Houtwerk, Kookkuns en Handelsvakke (met 'n sosialistiese antikapitalistiese inslag) (Cape Times 1986:7). Veral die kinders op die platteland kan byvoorbeeld leer hoe om te plant, te saai en te oes, landerye te besproei en bome te snoei. Daar word beweer dat leerlinge deur middel van dié vakke die geleentheid gebied kan word om teoretiese kennis prakties toe te pas, vertroue in hul eie vermoëns te ontwikkel en te leer hoe om tot die land se produksieprosesse by te dra (Nkondo 1986:22).

Veral die vakkurrikulum van Geskiedenis moet volgens PE-voorstanders herskryf word aangesien dit tans die belange van die Kapitalis verskans, en Blankgesentreerd aangebied word (Mphahlele 1986:2). Die perspektief van die onderdruktes moet ingewerk word en die bydraes van elke volk en groep moet sonder diskriminasie aangebied word. Die huidige geskiedenisboeke beliggaam die ideologie van apartheid wat aanstoot gee omdat Swartmense as minderwaardig uitgebeeld word (UWK 1987:8).

PE-pleitbesorgers dring aan op ‘n algehele rekonstruksie van bestaande kurrikula van die onderwys waarin onderwysinhoud, waardes en norme weerspieël word (Argus 10 Oktober 1986). In sodanige kurrikulum moet in die geskiedenis met verwagtinge en vrese van die ‘people’ rekening gehou word (Sunday Times 1986:5). Dit is dus 'n vereiste dat álle betrokkenes by die onderwys (byvoorbeeld leerlinge, onderwysers, ouers en vakbonde) 'n aandeel in die samestelling van 'n bepaalde kurrikulum moet hê (Booyse 1992:341). Enige besluit oor die leerinhoud — watter feite beskryf en menings aanvaar en gepropageer word — moet op 'n demokratiese wyse geneem word (Obery 1986:8). Die ‘people’ self moet die doelstellings van die onderwys bepaal en vakkurrikula in ooreenstemming daarmee saamstel (Alexander 1985:65).

Kuns en Letterkunde moet ook aandag kry. PE vereis dat tradisionele kunswerk, gedigte en liedere opgeteken moet word sodat die ‘mense’ van hulleself as 'n groep met 'n eie herkoms bewus kan word. Nuwe handboeke veral digbundels moet opgestel word. Raka van Van Wyk Louw is byvoorbeeld onvanpas as 'n voorgeskrewe boek omdat Raka daarin as swart en boos uitgebeeld word (Van der Walt & Postma 1987:161).

Die inhoud van alle voorgeskrewe boeke (of leergange) – selfs gediggies wat kinders behoort te leer – is daarop ingestel om die leerder bewus te maak van onderdrukking en ongeregtigheid in die kapitalistiese apartheidsamelewing. Die oogmerk met die inhoud is om sowel die jeug as volwassenes polities bewus en sensitief te maak sodat hulle tot politieke aktivisme oorgehaal kan word (Van den Berg 1988:9).

Daar word ook van plakkate met 'n politieke strekking in klaskamers gebruik gemaak. Die regte stemming word sodoende vir die aanbieding van die leerinhoud verkry. Die atmosfeer in die klas verhoog die kinders se vatbaarheid vir aktivisme (Van der Walt et al. 1987). Leerlinge en studente moet dus geaktiveer word sodat hulle ingrypende bydraes tot die verandering van hulle omgewing kan lewer (Grove 1992:193).

Volgens Nkondo (1986:21) moet ontspanningsaktiwiteite soos sportbeoefening, lees, kunsbeoefening en debatvoering, benewens bogenoemde vakke, ook 'n plek in die formele kurrikulum kry. Watter vakke en aktiwiteite by die kurrikulum ingesluit moet word, is volgens Nkondo (1986:21) van minder belang. Van groot belang is dat elke vak in diens van die bevrydingstryd moet staan. Hy beweer:

> *The content of curricula, syllabi and teaching materials, and of methodologies, are all important only within the framework of the wider process, of the activities and practices of the progressive movement as a whole, in its struggle* (Nkondo 1986:21).

### 3.6.6 METODE VAN ONDERRIG

Die waardes wat in 'n bepaalde samelewing geld, word volgens Shipman (Booyse 1992:364), altyd in onder meer die onderrigmetodes wat in die onderwysinstellings van sodanige samelewing gebruik word, weerspieël. Gevolglik gaan pogings om heersende waardes te verander altyd gepaard met voorstelle rakende 'n verandering in onderrigstrategie (Booyse 1992:364).

Volgens Hartshorne (1988:18), 'n PE-pleitbesorger, poog PE om waardes soos outokrasie, kapitalisme en individualisme, met radikaal ander waardes soos demokrasie, nie-rassigheid, kollektiewe arbeid en die aktiewe deelname van alle inwoners van Suid-Afrika aan alle politieke, ekonomiese en sosio-kulturele bedrywighede van die land, te vervang. Ten einde hierdie doelstellings te bereik, is dit nodig dat die bestaande outoritêre onderrigstrategieë vir demokratiese werkswyses plek moet maak (Booyse 1992:364).

In hierdie verband verwys uitgediende en ondemokratiese outoritêre onderrigstrategieë na die onderrigaktiwiteite wat plaasvind binne die raamwerk van sogenaamde ‘eenrigtingsverhoudings’ tussen onderwysers en leerlinge. Vasstaande kennis word deur onderwysers oorgedra aan leerlinge wat dit bloot ontvang en memoriseer, die feite verteer en dit op gereelde basis gedurende eksamens weergee (Booyse 1992:365). Leerlinge steun swaar op die oordeel van die onderwyser ten opsigte

van watter gegewens die moeite werd is om te bestudeer, hoe dit bestudeer moet word en watter kriteria in die bepaling van die geloofwaardigheid daarvan aangewend moet word. Leerlinge word beskou as passief, traag en onkundig 'objects of schooling' (WECTU 1987:23).

Verder behels outoritêre onderrigstrategieë dat 'n enkele handboek (of in baie gevalle notas wat deur die onderwyser saamgestel is) as die enigste ware bron van kennis oor 'n bepaalde aangeleentheid voorgehou word. Die klem val op die oordrag van kennis, wat nie altyd toepaslik is vir die leerder of die samelewing waarin hy hom bevind nie (Hartshorne 1988:37). Dit weerspieël 'ancient and deep-seated authoritarian childrearing patterns' wat in die huisgesin reeds vasgelê is en in die skool voortgesit word (Hartshorne 1987:6).

Vir voorstanders van PE is hierdie situasie onaanvaarbaar. Derhalwe propageer hulle demokratiese onderrigstrategieë wat volgens hulle gekenmerk word deur 'n demokratiese verhouding tussen onderwyser en leerlinge. Daar word aanvaar dat onderwys in die eerste plek dui op leer en nie op onderrig nie. Gevolglik word 'n hoë premie op onderlinge samewerking tussen leerders en spanwerk geplaas en gevolglik ook op 'workshops' wat aangebied moet word (What is People's education 1988 12-20). Volgens die NECC word hierdeur verseker dat leerders leer hoe om met mekaar te kommunikeer, mekaar se regte te respekteer en in harmonie met andere saam te werk. Dit bied ook geleentheid tot selfuiting en die gebruik van eie insiatief (WECTU 1987:38).

In die lig van bogenoemde moet alle inhoudsvakke met 'n politieke strekking op formele en informele wyse aan die leerders oorgedra word. Leerlinge moet leer om onafhanklik van onderwysers en die stelsel te werk. Groepstudiemetodes, veral in die vorm van werkswinkels, behoort sterk oorweeg te word. Leerlinge moet vir die stryd geaktiveer word. Daarvoor is dit noodsaaklik om bewus en sensitief vir onderdrukking en ongeregtigheid gemaak te word. Hiervoor is 'awareness sessions' in skole noodsaaklik waaraan almal, die hoof, onderwysers en leerlinge, moet deelneem. In sulke sessies word politieke vraagstukke, wat die gemeenskap raak, van nader ondersoek. Leerlinge moet altyd oor sake wat hulle en hulle gemeenskap raak, ingelig wees (What is People's education 1988:13–18).

Ongeletterde volwassenes moet aangemoedig word om hoogsgepolitiseerde geskrifte te lees. Lees- en leergroepe word tot stand gebring. Terwyl die mense leer lees en skryf, leer hulle die politieke omstandighede, asook hulle eie potensiële rol in die bevrydingstryd ken. Leerlinge moet aangemoedig word om na aanleiding van prente of foto's van politieke gebeure, strokiesverhale, gedigte, blokkiesraaisels en paragrawe met 'n politieke strekking, 'n waardesisteem saam te stel (De Lange 1990:127). Hierdie onderrig, deur middel van tydskrifte en leesgroepe, geskied hoofsaaklik informeel. In die formele skoolsituasie word flitskaarte met onrustonele aan die leerlinge voorgehou. Op grond daarvan word groeps-, klas- en leergesprekke gevoer oor 'n tema soos byvoorbeeld 'No peace under apartheid' (Van der Walt et al. 1987:115). Kinders word ook onderrig in die behandeling van sambok-

en haelgeweerwonde, die skryf van vryheidsliedere, die Swart kultuur en die opvoering van tonele rondom Blanke oorheersing en Swart onderdrukking (Sunday Times 1986:5).

Verder moet die leerders gestimuleer word om aan die hand van 'n wye reeks bronne waarin inligting vanuit verskillende perspektiewe aangebied word, kreatief te dink. Die onderwyser word ook beskou as 'n bron van kreatiewe en kritiese denke (Collins & Gillespie 1992:59). Dit is veral hier waar die kenteoretiese uitgangspunt van Paolo Freire[25] baie duidelik na vore kom. Kennis word nie klaar buite die klaskamer deur die onderwyser of handboekskrywers geproduseer nie, maar moet in die klaskamer geskep en herskep word. Kennis moet gebruik word om leerlinge bewus te maak van die onreg van die kapitalistiese stelsel, asook van die voordele wat die nuwe sosialistiese bedeling inhou (Van der Walt et al. 1987:159; Swart 1988:26).

In sekere kringe word eksamens afgekeur omdat dit kompetisie tot gevolg het en prestasie aan die maatstawwe van die Kapitalisme meet, dog in ander kringe word die noodsaaklikheid van eksamens erken (Van der Walt et al. 1987:116). Ander handhaaf egter die standpunt dat 'n nasionale eksamen, wat toelating tot tersiêre studie kan bepaal, noodsaaklik is (Mphahlele 1986:2).

Liggaamstraf en ‘ander vorme van outoritêre onderwys’ is nie in PE aanvaarbaar nie. Die onderwyser is nie 'n god nie maar eerder 'n gids vir die jeug. Sy dissipline moet vry, demokraties en goed gemotiveer wees, terwyl die noodsaaklikheid daarvan deur die leerlinge verstaan moet word (Van der Walt et al. 1987:116–117).

### 3.6.7 DIE PLEK VAN DIE LEERLING IN PEOPLE'S EDUCATION

PE-voorstanders wys daarop dat PE kindgesentreerd moet wees, aangesien dit hulle is wat moet besef dat dit hulle is wat deur die huidige stelsel onderdruk en verneder word. Die kind word in die sentrum geplaas. Die leerling moet sy eie leeromgewing skep; dit moet nie deur 'n onderwysdepartement vir hom gedoen word nie. Die kind moet sentraal gestel word omdat die hele politieke bevrydingstryd, wat sonder hom tot mislukking gedoem is, moet wentel (Van der Walt & Postma 1987:161).

PE-voorstanders se aandag is op die rol van die kind in die bevrydingstryd gerig. Daar is maar weinig belangstelling in die rol van opvoeding in die verwerkliking van die kind se volle potensiaal. Derhalwe

---

[25] Volgens Freire moet die mens eers daarvan bewus gemaak word dat hy nie vry is nie. Hierdie vryheid kan alleenlik verwesenlik word deur die strukture van die samelewing te verander. Volgens hom kan die mens se siening van die werklikheid deur middel van die bevrydingspedagogiek verander word, maar dit beteken nog geensins dat die werklikheid verander nie! Hiervoor is politieke aksie nodig om die kapitalistiese strukture in die samelewing af te breeek. Eers dan word die samelewing getransformeer (Freire 1987:175).

word dit deur PE-voorstanders betreur dat die stryd dikwels net by die leierskorps onder leerlinge of studente vassteek en nie tot al die leerlinge deurdring nie. In die proses is die demokraties verkose Student(s) Representative Council (SCR) belangrik, aangesien hulle die leerlinge tot (en in die) politieke aktivisme moet lei. Die SCR moet nie outoritêr optree nie maar wel op grondslag van oorlegpleging, sodoende 'n demokratiese gees in die skool tot stand bring (Van der Walt & Postma 1987:163).

Die SCR moet ook bewuswordingsprogramme en massasaamtrekke reël sodat die politieke bewuswording van die leerlinge kan toeneem. Ook onderwysstudies wat nie in skooltyd aandag ontvang nie, soos byvoorbeeld 'n studie van die geskiedenis van 'n bepaalde vakbond, moet deur die SCR beplan word. Leerlinge moet aangemoedig word om by kulturele klubs in hulle omgewing aan te sluit, gereeld tydskrifte uit te gee, en gereeld regspraak met hulle ouers en die breë gemeenskap te hou. Eenheid, aksie en solidariteit moet die wagwoorde van sowel die leerlinge as die gemeenskap wees (Van der Walt & Postma 1987:163).

### 3.6.8 DIE PLEK VAN DIE ONDERWYSER IN PEOPLE'S EDUCATION

Curtis Nkondo het geen twyfel oor die belangrike rol wat onderwysers in die bevrydingstryd moet speel nie. Volgens hom is onderwysers

> *the ones who will be able to effect changes in curriculum, syllabus and in textbooks ...* [en derhalwe behoort hulle in staat te wees] *[to] identify the ideology in the subjects and make students aware of sexism and elitism.* (Walters & Kruss 1988:29.)

Een van die belangrikste standpunte oor die rol van die onderwyser in PE het van I.L. van Rensburg, sekretaris van NECC, gekom toe hy gesê het:

> *Teachers, not activists, will be most important in implementing people's education* (Walters & Kruss 1988:29).

Oor die rol van die onderwyser het Sonn (1986:259) 'n interessante siening. Hy besef dat die afskaffing van apartheid geen waarborg vir die verdwyning van maatskaplike probleme soos buite-egtelikheid en drankmisbruik onder bruinmense waarborg nie. Die onderwysers het saam met die maatskaplike werksters en predikante 'n opheffingstaak. Sonn pleit vir gemeenskapsonderrig deur universiteitsstudente, asook die loodsing van geletterdheidsklasse vir ouers en huiswerkhulpklasse vir leerlinge.

Aangesien PE daarop ingestel is om die totale gemeenskap by die onderwys te betrek, moet die onderwyser aanvaar dat hy nie meer die enigste deskundige en bron van gesag is nie. Een van sy vernaamste take is die ontwikkeling van kritiese denke by die leerlinge. Hy is nie 'n outoritêre figuur wat kennis by leerlinge indril nie. Hy is eerder 'n gids, wat deur middel van geskikte leerstof en

debatvoering, die onaanvaarbaarheid van die kapitalistiese stelsel en die voordele van 'n sosialistiese samelewingsorde wil tuisbring (Ashley 1989:59).

Die rol van die onderwyser is baie nou vervleg met dié van die ouer. Om uitdrukking te gee aan die demokratiese gedagte in die onderwys is die sogenaamde *Parent-Teacher-Student-Associations* (PTSA's) gestig. Hierdie liggaam pas by die gedagte van gemeenskapsbetrokkenheid en demokratiese besluitneming in. Die onderwysers word sterk onder die indruk gebring dat hulle deel van die gemeenskap is en dat dit ook hulle taak is om die hiërargiese onderskeid in opvoedingspeil in die gemeenskap te help afbreek (Jacobs 1993:35). Tydens die NECC-konferensie in 1987, het Sisulu (1987:28–29) die taak van die PTSA's soos volg beskryf:

> *The aim of these PTSA's is to ensure a united front from the entire community and integrate teachers into the people's struggle. This had laid the basis for undermining the divisions which the state tried to create between youth and older people, between urban and rural communities, between professionals and other members of the community.*

Onderwysers moet betrokke wees by die bevrydingstryd en by bewuswordingsprogramme. Daarvoor moet hulle in die politiek opgelei word en deelneem aan gemeenskapsaksies en -organisasies se bedrywighede, soos dié van die UDF (Walters & Kruss 1988:15). Onderwysersverenigings moet onderwysers vir goeie onderrig toerus, dit wil sê onderrig wat vir sowel die skool as die gemeenskap as sodanig relevant sal wees. Onderwysers moet nie in die CNO-gedagterigting opgelei word nie aangesien dit die *status quo* ondersteun. Koördinasie in opleiding ter wille van geslaagde aktivisme en die inskakeling van (menslike) hulpbronne is noodsaaklik (Grove 1992:200–201).

Die onderwyser-leerlingverhouding is belangrik vir die vestiging van 'n demokratiese en gedissiplineerde politieke kultuur in die skole (Grove 1992:202). Die dae van die rottang word vervang deur doelgerigte voorbereiding van die kinders vir die bevrydingstryd (Grove 1992:204). Desondanks mag die onderwyser nie self aan onluste deelneem nie. Daarenteen mag hy ook nie 'n verklikker of informant wees nie. Die onderwyser moet polities so gevoelig wees dat hy nie leerlinge sal antagoniseer of frustreer nie (Grove 1992:215–216).

Onderwysverenigings moet hulle onderwysers so oplei dat hulle hulle rol in PE sal verstaan en uitvoer, en aksies tot voordeel van die hele gemeenskap van stapel sal stuur. Onderwysers moet probeer om lyding, waar dit bestaan, te verlig. Om werklik hiertoe in staat te wees, moet onderwysers hulle kwalifikasies probeer verbeter. Onderwysers moes, indien moontlik, hulle bande met die vorige regeringstrukture verbreek, en hulle by demokratiese, progressiewe strukture en organisasies aansluit (Van der Walt et al. 1987:254).

### 3.6.9 KRITIESE EVALUERING VAN PEOPLE'S EDUCATION

People's Education kan opgesom word as 'n nie-rassige, nie-seksistiese, demokratiese onderwysstelsel vir almal, waar geleer word dat:

> *... if you know, teach, if you do not know, learn* (Nkondo 1986:21).

Daar is egter ook ander aspekte van PE wat nie onvoorwaardelik aanvaarbaar is nie. Alhoewel dit duidelik is dat onderwys nie van die politieke doel en beleid losgemaak kan word nie, kom dit tog teenstrydig voor dat die NECC meer met politiek gemoeid is as met onderwys, terwyl onderwys die primêre doel is waarvoor die komitee aanvanklik in die lewe geroep is.

Dit is opvallend dat van die resolusies wat tydens die NECC-konferensie in Maart 1986 opgestel is, daar hoogstens vier van die dertien resolusies is wat direk met onderwys verband hou (De Waal 1989:524). Die ander is bloot politieke besluite en uitsprake. Dit laat die vraag ontstaan of PE dan nie maar bloot 'n instrument tot politieke verandering is nie en of daar werklik kommer bestaan oor die ontoereikende onderwys wat toegeskryf word aan 'n ontoereikende politieke bedeling.

Volgens Van der Walt et al. (1987:254) is PE humanisties en is daar geen sprake van Godgegewe norme nie. PE deel wel sekere Christelike beginsels, soos naasteliefde en die beginsel dat alle persone gelykwaardig geag behoort te word, maar nêrens in die beleid word daar erkenning aan God gegee nie. Ook word daar in PE geen plek aan Christenskap in die onderwys toegeken nie.

Wanneer die beginsels van PE bestudeer word, blyk dit dat daar wel opvoedkundig-verantwoordbare norme is.

- Daar word byvoorbeeld aan die belang van ouerbetrokkenheid en ouerinspraak erkenning gegee. Die vennootskap tussen ouers en onderwysers en die belang van leerlingdeelname in die onderwysgebeure word ook erken. Aangesien PE op 'n Marxistiese-sosialistiese menssiening en opvoedingsfilosofie (kyk afdeling 3.4) gegrond is, val die klem op absolute gemeenskaps-betrokkenheid. Die mens word beskou as 'n sosiale wese wat in afhanklikheid van die groep funksioneer en wat moet meewerk aan verandering ten behoewe van die uitsluitlike voordeel van die groep waaraan hy behoort. Laasgenoemde dui daarop dat Jan Publiek ten nouste betrek moet word by die beplanning en implementering van 'n onderwysstelsel wat deur die 'people' beheer word. Die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-andersheid word negeer (kyk Addendum A).

- Die beginsel dat die onderwysbeleid die gemeenskapsbehoeftes moet verreken en akkomodeer word deurgans deur voorstanders van PE beklemtoon (kyk afdeling 3.6.3). Daar moet verseker word dat onderwysvoorsiening nie 'lewensvreemd' sal wees nie. PE se omskrywing van die woord 'gemeenskap' verwys na 'n oorwegend Swart radikale groepering

(kyk afdeling 3.6.1.1). Dienstigheid aan hierdie gemeenskap wat grootliks uit vakbonde en politieke organisasies bestaan, is 'n waarde wat ernstige bedreiging vir die idee van die skool se 'soewereiniteit in eie kring' inhou. Sodanige eensydige gemeenskapsbetrokkenheid kan nie as opvoedkundig beskou word nie aangesien dit nie kritiese denke, wat 'n norm van behoorlike onderwys is, aanmoedig nie. Die essensie toets-van-betekenisse as essensie van die pedagogiese bedrywigheidstruktuur betekenende lewenswyse (kyk Addendum A) word derhalwe ontken.

- Die inhoud van die leerstof wat deur PE voorgestaan word, kan ook bevraagteken word. Die moontlikheid bestaan dat sommige inhoude in baie kringe die verwagtinge mag skep dat PE byvoorbeeld rassediskriminasie sal beëindig en aan die leerders politike mag sal besorg. Aan die hand van besondere vakinhoude word gepoog om onder meer 'n gees van opstandigheid onder die massas te kweek en hulle aan te spoor tot verset (kyk afdeling 3.6.5). Sulke inhoude is skynbaar met 'n spesifieke doel en met inagneming van die sosio-politieke omstandighede waarin potensiële leerders hulle bevind, saamgestel. Op grond hiervan kan die afleiding gemaak word dat PE nie voorsiening maak vir die onderrig van relevante onderwysinhoude wat die werklikheid ewewigtig verteenwoordig en vir die individualiteit van die opvoedeling nie. Die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-andersheid word ontken (kyk Addendum A).

- Dit het ook aan die lig gekom dat PE slegs waarde heg aan morele waardes wat die 'people' bevredig en hul doelstrewes bevorder (kyk afdeling 3.6.4). Selfstandigheid-in-keuse as essensie van die essensiële pedagogiese doelstruktuur sedelik-selfstandige besluitvormende en verantwoordelik-handelende lewenswyse word verwaarloos (kyk Addendum A). PE streef nie na 'n vreedsame samelewing nie, maar eerder na die inkorporering van alle verdruktes as opposisie teen die regering van die dag (Van Rensburg 1992:272).

- PE toon duidelik aan dat gesagstrukture, en as sodanig die gesag van onderwysers bevraagteken word (kyk afdeling 3.6.8). Dit lei daartoe dat daar in skole nie voldoende veilige en geborge ruimte geskep word wat noodsaaklik is vir 'n outentieke opvoedingsverhouding nie (Van Rensburg 1992:274). Die essensies aangespreek-word en gehoorsaamheid word derhalwe nie gerealiseer nie (kyk Addendum A).

- PE gaan van die veronderstelling uit dat die mens grensloos en volledig vormbaar is. Al wat verhoed dat die mens tot volle verwesenliking kom, is sosiaal-maatskaplike belemmeringe (kyk afdelings 3.6.4 en 3.6.6). As alle mense dieselfde kanse gegun word, sal almal ewe goed presteer. Hierdie waarde wat gehuldig word is egter nie waar nie en hoort nie in enige verantwoordbare onderwyssiening nie. Die essensie begryping-van-andersheid word ontken (kyk Addendum A).

- Hoewel beweer word dat PE 'n soort onderwys is wat die die maksimale ontwikkeling van al die talente van die individu tot gevolg het, word dié ideaal nie in die praktyk nagstreef nie. Pleitbesorgers van PE heg veel groter waarde aan die sosiale as op die individuele faset van menswees (kyk afdeling 3.6.3) en stel alle doelstellings (kyk afdeling 3.6.4), metodes (kyk afdeling 3.6.6) en inhoude (kyk afdeling 3.6.5) ondergeskik aan die ideaal van politieke bevryding. Hierteenoor word byvoorbeeld die religieuse, estetiese en etiese aspekte selde aangeraak. Die pedagogiese doelstruktuur menswaardige lewenswyse word derhalwe ontken (kyk Addendum A).

- Te oordeel aan die doelstellings wat nagestref word, die leerinhoude wat gepropageer word en die onderrigmetodes wat aanbeveel word, geniet differensiasie nie veel aandag in PE nie (kyk afdeling 3.6.6). Dit is moontlik daaraan toe te skryf dat differensiasie dikwels as diskriminasie verwar word. Die erkenning van die uniekheid van die kind, 'n norm wat belangrik is in behoorlike opvoeding (kyk Addendum A), word nie na regte erken nie.

- Volgens PE-ideologie word die individu algeheel ondergeskik aan die gemeenskap gestel, ook wat die handhawing van gesag betref (kyk afdeling 3.5.5). Op dié wyse word die individu sy vryheid grootliks ontneem. Die essensiële begryping-van-andersheid word ontken (kyk Addendum A). Daar word geredeneer dat indien alle betrokkenes by 'n saak 'n inspraak het in die beplanning en uitvoering daarvan en dissiplineringstappe dan later onnodig sal wees aangesien niemand die besluit wat op demokratiese wyse geneem is, sal teengaan of verontagsaam nie. Eerder as om dwang te gebruik, moet die mense oorreed word om die 'regte' ding te doen (kyk afdeling 3.5.5). Universeelgeldende behoorlikseise soos respek vir ander, beleefdheid, eerlikheid ens. moet egter alreeds van 'n jong ouderdom by kinders ingeskerp word, selfs sonder hulle toestemming.

- Verder blyk dit dat onderwysers wel as die belangrikste figure in die implementering van PE beskou word, maar dat onderwysers in die klassituasie op die agtergrond moet bly (kyk afdeling 3.6.8). Omdat die leerlinge as hulle gelykes beskou word kan daar nie sprake wees van outentieke gesagsleiding nie. Die essensie laat-gesê word negeer (kyk Addendum A).

- Dat die onderwys en opvoeding vir pleitbesorgers van PE 'n waardebepaalde aangeleentheid is, ly geen twyfel nie. Dit word onomwonde gestel dat kapitalistiese met sosialistiese waardes vervang moet word (kyk afdelings 3.5.4 en 3.6.6). Dit word klaarblyklik begryp dat 'n mens slegs aan die hand van norme sin en betekenis aan die wêreld kan gee. Wat egter onverstaanbaar is, is dat dié rigting terselfdertyd daarop gerig is om die opvoedeling só te vorm dat hy alles waarmee hy te doen kry (ook waardes en norme), krities dog selektief sal bevraagteken (kyk. pargraaf 3.5.4). 'n Mens kan moeilik tot 'n ander gevolgtrekking kom as dat kritiese denke in PE dogmatiese denke is, d.w.s dat bepaalde waardes en norme moet

bevraagteken word, maar nie dié waardes wat deur 'n aktivistiese groepie gepropageer en nagestreef moet word nie.

- PE maak nie voorsiening vir enige normsisteem nie, behalwe dié van aktiviste. In plaas daarvan word die ‘regte’ waarop 'n mens kan en moet aanspraak maak, oorbeklemtoon (kyk afdeling 3.6.4). Die kind word geleer dat hy geen ander taak en verantwoordelikheid het as om politieke bevryding na te streef nie en dat hy voortdurend eise aan die lewe moet stel. Die pedagogiese doelstruktuur sinvolheid van lewenswyse word ontken (kyk Addendum A).

- As aanvaar word dat die kind in sy ouerhuis norme soos saamlewe, saamwerk, ordelikheid, gehoorsaamheid en hulpvaardigheid aanleer, 'n besef van vryheid en gesag ontwikkel, met sedelike norme bekendgestel word (kyk Addendum A) en 'n godsdienssin moet verwerf, kan PE nie beskou word as 'n voortsetting van die opvoeding wat die kind reeds in sy ouerhuis ontvang het nie.

PE het egter ook positiewe punte naamlik:

- Die kind word vroeg reeds geleer om respek te koester vir handewerk en produktiwiteit a.g.v. die klem wat daar geplaas word op die mens se arbeid en die liefde vir sy eie ‘handewerk’ (kyk afdeling 3.6.5). Hierdie siening is in ooreenstemming met die fundamenteel-pedagogiese essensie begryping-van-behoorlike-inspanning (kyk Addendum A).

- Elke kind word besiel met ‘n ideaal wat hom voortdurend voorgehou word (werkersutopie), om stukrag te verleen aan alles wat hy doen en wat dan die rigsnoer vir sy op-pad-wees-na-volwassenheid konstitueer (kyk afdeling 3.6.4). Daar word dus ‘n doel met die opvoeding voorgehou maar hierdie doel is nie in lyn met die essensiële lewensopvatlik-verantwoorde lewenswyse doelstruktuur nie (kyk Addendum A).

- Vennootskap tussen ouers, leerlinge, onderwysers en gemeenskap (kyk afdeling 3.6.7) wat in lyn is met die fundamenteel-pedagogiese essensies (kyk Addendum A)

- Leerinhoud wat aansluit by die eise van die volk en die herkoms van die volk (kyk afdeling 3.6.5). Die essensie mede-ganger-wees word derhalwe erken (kyk Addendum A).

- Die onderrig sluit erkende moderne onderrigmetodes in soos groepstudiemetodes, werkswinkels, bewusmaking, lees- en leergroepe onder volwassenes (kyk afdeling 3.6.6). As daar egter krities gekyk word na wat deur die onderwysinhoude en metodes bereik moet word, naamlik die rewolusionêre omverwerping van bestaande stelsels, moet die inhoude en metodes van PE eweneens aan ‘n suiweringsproses onderwerp word voordat dit vir Christelike opvoedende onderwys aanvaarbaar is.

Samevattend blyk dit dat PE moeilik as 'n opvoedkundig verantwoorde onderwysrigting kan kwalifiseer. Hoewel die teorie en praktyk daarvan die skyn van outentieke onderwys probeer handhaaf, gaan dit in die propagering van hierdie rigting primêr om die indoktrinering en mobilisering (kommunistiese metodes) van die jeug ten gunste van 'n partikuliere opstandkultuur.